

# REKENINGKUNDE

## SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING VOORBEELDE – KABV

## GRAAD12

## ONDERWYSERGIDS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**REKENINGKUNDE**

**SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING**

**VOORBEELDE – KABV**

**GRAAD 12**

**ONDERWYSERGIDS**

## INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| **1.** | Inleiding | 3 |
| **2.** | Die oogmerke en doelstellings van die projek | 3 |
| **3.** | Assesseringstake soos deur die NKV en KABV omskryf | 5 |
| **4.** | Omvang van die projek | 6 |
| **5.** | Die gehalteversekeringsproses | 6 |
| **6.** | Inhoud van hierdie boek | 6 |
| **Taak A** | **Eerste kwartaal – verslag: Maatskappye** <br> **Hierdie taak is geskik vir graad 12-leerders vanaf 2014 (KABV)** | |
| | Vraestel | 7–9 |
| | Antwoordeboek | 10–14 |
| **Taak B** | **Eerste kwartaal – toets: Finansiële state van 'n maatskappy** <br> **Hierdie taak sluit in aandele sonder pariwaarde en die terugkoop van aandele.** <br> **Hierdie taak is geskik vir graad 12-leerders vanaf 2014 (KABV)**. | |
| | Vraestel | 15–18 |
| | Antwoordeboek | 19–22 |
| **Taak C** | **Tweede kwartaal – projek:** <br> **Gepubliseerde finansiële state van Famous Brands Bpk.** <br> **Hierdie taak is geskik vir graad 12-leerders vanaf 2014 (KABV).** | |
| | Vraestel en antwoordeboek (gekombineer) | 23–29 |
| | Bronnemateriaal | 30–40 |
| **Taak D** | **Derde kwartaal – gevallestudie: Kontantbegroting en debiteure** <br> **Hierdie taak is geskik vir graad 12-leerders vanaf 2014 (KABV).** | |
| | Vraestel | 41–45 |
| | Antwoordeboek | 46–50 |
| **Nasienriglyne** | | 51 |
| | Taak A | 52–56 |
| | Taak B | 57–59 |
| | Taak C | 60–65 |
| | Taak D | 66–69 |

# 1. INLEIDING

Assessering is ‘n deurlopende, beplande proses van identifisering, insameling en interpretasie van inligting met betrekking tot leerders se prestasie deur gebruik te maak van verskillende vorme van assessering. Dit behels vier stappe: generering en insameling van bewyse van prestasie; evaluering van hierdie bewyse; aanteken van die bevindings en die gebruik van hierdie inligting om die ontwikkeling van die leerders te verstaan en daardeur die onderrig-leer-proses te bevorder. Assessering behoort beide informeel (assessering vir leer) en formeel (assessering van leer) te wees. In beide gevalle moet gereelde terugvoer aan die leerders gegee word om die leerervaring te versterk.

Skoolgebaseerde assessering (SGA) is ‘n doelgerigte versameling van leerders se werk wat blyke gee van die leerder se pogings, vordering en prestasie op ‘n gegewe gebied. Die gehalte van die SGA-take staan integraal in leerders se voorbereiding vir die eindeksamen. Hierdie boek dien as ‘n bron van vier voorbeeldtake vir SGA vir skole en vakonderwysers van Rekeningkunde. SGA-punte word formeel deur jou, die onderwyser, aangeteken vir die doeleindes van vordering en sertifisering. Die SGA-komponent is verpligtend vir alle leerders. Leerders wat nie aan die vereistes voldoen wat in ooreenstemming met die beleid gespesifiseer is nie, mag moontlik nie kwalifiseer om vir die eindeksamen in die vak in te skryf nie.

Die formele assesseringstake voorsien jou van ‘n sistematiese wyse van evaluering oor leerders se vordering. Die boek bevat toetse, ‘n projek en ‘n gevallestudie. Formele assesseringstake vorm deel van ‘n jaar lange formele assesseringsprogram. Hierdie take moet met die nodige erns bejeën word, en leerders moet aangemoedig word om hulle heel beste pogings vir finale assessering in te dien.

Daar word van onderwysers verwag om seker te maak dat die assesseringstake toepaslik is en geskik is vir die leerders wat onderrig word. Onderwysers moet die take aanpas om by die leerders se begripsvlak te pas. Take moet ook binne ‘n konteks gestel word. Die vereistes soos in die Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaringdokument (KABV) uitgeengesit is, moet egter altyd in ag geneem word.

Hierdie dokument bevat vier take wat aan die vereistes van die graad 12 Rekeningkunde-kurrikulum voldoen.

Daar word verwag dat hierdie take as ‘n waardevolle hulpbron sal dien vir:

- Rekeningkunde-onderwysers, deurdat dit voorbeelde verskaf van die tipes en standaard van skoolgebaseerde take wat vir hulle leerders geskik sal wees
- Graad 12 Rekeningkunde-leerders, deurdat dit materiaal verskaf wat hulle sal help in hulle voorbereiding vir die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamens

# 2. DIE OOGMERKE EN DOELSTELLINGS VAN DIE PROJEK

- Skoolgebaseerde assessering bied ‘n meer gebalanseerde en betroubare assesseringstelsel, met ‘n toename in die omvang en verskeidenheid van assesseringstake.
- Die voorbeeldtake is daarop gerig om die diepte van die kurrikuluminhoud te reflekteer wat toepaslik is vir graad 12.
- Dit reflekteer die verlangde kognitiewe eise soos gestel in Bloom se hersiene taksonomie: onthou, verstaan, toepas, ontleed, evalueer en skep.
- Skoolgebaseerde assessering verbeter die geldigheid van assessering deurdat aspekte ingesluit word wat nie in ‘n formele eksamenopset geassesseer kan word nie.
- Dit verbeter die betroubaarheid van assessering aangesien beoordeling gebaseer word op talle waarnemings van die leerder oor ‘n lang tydperk.
- Daar is ‘n gunstige uitwerking op onderrig en leer, nie slegs met betrekking tot die kritiese ontleding en evaluering van Rekeningkunde-inligting en kreatiewe probleemoplossing nie, maar ook op die onderrig- en assesseringspraktyke.

- Dit bemagtig onderwysers om deel te word van die assesseringsproses en verhoog die samewerking en deel van kundigheid binne en onder skole.

- Dit het 'n professionele ontwikkelingsfunksie deurdat dit onderwysers se vaardighede in assesseringspraktyke uitbou, wat dan weer na ander terreine van die kurrikulum oorgedra kan word.

Die take fokus op die inhoud van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKS) wat in 2013 gegeld het, en bevat blootstelling aan sekere aspekte van die nuwe inhoud van die Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring (KABV) wat vanaf 2014 geld.

Die onderskeidende kenmerke van SGA (en sy voordele as een betreklike klein komponent van 'n samehangende assesseringstelsel) het implikasies vir die ontwerp en implementering daarvan, in die besonder die aard van die assesseringstake en die rol van die onderwyser se standaardiseringsprosedures. Hierdie implikasies word soos volg saamgevat:

- Die assesseringsproses behoort aan die normale onderrigprogram gekoppel te word en ook 'n logiese uitvloeisel daarvan te wees. Onderrig, leer en assessering behoort aanvullende dele van die opvoedingservaring as geheel te wees (dit wil sê, die SGA-komponent is nie 'n afsonderlike eenmalige aktiwiteit wat volgens 'n rooster uitgevoer kan word en waarvoor voorberei kan word asof dit 'n afsonderlike deel van die kurrikulum is nie).

- Die assesseringsproses behoort 'n ryker beeld te verskaf van waartoe leerders in staat is as dit wat deur die eksterne eksamen verkry word, deur meer voorbeelde oor 'n langer tydperk te doen en deur nader aan toestande in die werklike lewe met minder stres te beweeg (d.w.s. die SGA-komponent is nie 'n eenmalige aktiwiteit wat onder pseudo-eksamentoestande deur onbekende assesseerders gedoen word nie).

- Die formatiewe/summatiewe onderskeid bestaan wel in SGA, maar is baie minder rigied en onbuigsaam as in 'n toetskultuur, d.w.s. leerders behoort konstruktiewe terugvoer te kry sowel as die geleentheid om vrae oor spesifieke aspekte van hulle vordering te stel na elke beplande SGA-assesseringsaktiwiteit, wat leerders se vaardighede in Rekeningkunde sal opskerp en hulle sal help om vir die eindeksamen voor te berei (d.w.s. die SGA-komponent is slegs 'n suiwer summatiewe assessering nie).

- Indien die SGA-proses effektief moet wees, moet dit hoogs gekontekstualiseer, dialogies van aard en sensitief vir leerders se behoeftes wees, d.w.s. die SGA-komponent is nie en kan nie beskou word as identies aan 'n eksterne eksamen nie waarin toetse, take en taaktoestande volledig gestandaardiseer en alle kontekstuele veranderlikes beheer word nie. Enige poging om dit te doen, sou beteken dat die rasionaal vir SGA weerspreek word; dus moet skole en onderwysers 'n sekere mate van vertroue en outonomie geniet in die ontwerp, implementering en spesifieke tydsplasing van die assesseringstake.

- Onderwysers moet seker maak dat leerders die assesseringskriteria verstaan asook die relevansie daarvan vir self- en portuurassessering. Onderwysers behoort ook eers hierdie kriteria vir informele assesserings- en onderrigdoeleindes te gebruik voordat hulle enige formele assessering uitvoer sodat hulle vertroud kan wees met die kriteria en die assesseringsproses.

Die projek verskaf voorbeeldtake wat daarop gerig is om:

- Die diepte van die Rekeningkunde-kurrikuluminhoud te reflekteer wat geskik is vir graad 12

- Die verlangde kognitiewe eise te reflekteer soos in Bloom se hersiene taksonomie vervat: onthou, verstaan, toepas, ontleed, evalueer en skep

- Vrae en onderafdelings van vrae te bevat wat toepaslike vlakke van uitdaging bied: maklik, gemiddeld en moeilik

- Te fokus op die inhoud van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) wat in 2013 van krag is; en op blootstelling aan sekere aspekte van die nuwe inhoud van die Kurrikulum-en-assesseringsbeleidverklaring (KABV) wat van 2014 af geld, naamlik aandele sonder pariwaarde en die terugkoop van aandele – verwys na Taak B Weergawe (i).

## 3. ASSESSERINGSTAKE SOOS DEUR DIE NKV EN KABV OMSKRYF

Die graad 12 finale punte word bereken uit die Nasionale Seniorsertifikaat- (NSS) eksamen wat leerders gaan skryf (uit 300 punte) plus skoolgebaseerde assessering (uit 100 punte). Die kurrikulum spesifiseer die volgende sewe formele take waaruit skoolgebaseerde assessering in Rekeningkunde bestaan:

**TAKE VIR SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING: NKV en KABV**

| Kwartaal | Besonderhede | Punte | Verwerk tot: |
|---|---|---|---|
| 1ste kwartaal | Verslag | 50 punte | 10 punte |
| | Toets | 100 punte | 20 punte |
| 2de kwartaal | Projek | 50 punte | 20 punte |
| | Halfjaareksamen | 300 punte | 20 punte |
| 3de kwartaal | Gevallestudie | 50 punte | 10 punte |
| | Voorbereidende eksamen | 300 punte | 20 punte |
| | | | **100 punte** |

## 4. OMVANG VAN DIE PROJEK

| | Taak A | Taak B<br>Weergawe (i) | Taak B<br>Weergawe (ii) | Taak C | Taak D |
|---|---|---|---|---|---|
| **Tipe taak** | Skriftelike verslag | Toets | Toets | Projek | Gevallestudie |
| **Voldoening aan NKV of KABV** | NKV en KABV | Slegs KABV | Slegs NKV | NKV en KABV | NKV en KABV |
| **Inhoud gedek** | **Deel (a):** Verslag oor 'n JSB-genoteerde maatskappy<br>**Deel (b):** Verslag van interne ouditeur oor maatskappy se interne beheer | Bateverkope,<br>Inkomstestaat,<br>Balansstaat en<br>Notas | Bateverkope,<br>Inkomstestaat,<br>Balansstaat en<br>Notas | Vertolking van gepubliseerde finansiële state en ouditverslag | Kontantbegroting en Debiteure-ouderdomsont-leding |
| **Getoets in eksamens** | **Deel (a):** NEE<br>**Deel (b):** JA | JA | JA | JA | JA |
| **Vaardighede getoets soortgelyk aan vaardighede in eksamen getoets** | Begrip van teorie van maatskappye en interne beheer;<br>Probleemoplos-sing | Stel grootboek-rekeninge en finansiële state op | Stel grootboek-rekeninge en finansiële state op | Ontleding en vertolking van finansiële inligting | Ontleding en vertolking van finansiële inligting;<br>Kreatiewe probleemoplos-sing |
| **Vaardighede geassesseer wat verskil van vaardighede in eksamen geassesseer** | Navorsing oor 'n genoteerde maatskappy | – | – | Hantering van hoeveelheid inligting in gepubliseerde jaarverslae | – |

## 5. DIE GEHALTEVERSEKERINGSPROSES (vakspesifiek)

Die doel van hierdie dokument is om beide onderwysers en leerders te voorsien van ‘n stel gestandaardiseerde skoolgebaseerde assesseringstake (SGA-take). Dit bevat nuttige inligting en riglyne in die vorm van voorbeeldvraestelle.

‘n Span kundiges bestaande uit onderwysers en vakadviseurs uit verskillende provinsies is deur die DBO aangewys om die assesseringstake te ontwikkel en op te stel. Hierdie paneel kundiges het ‘n tydperk van vier dae by die DBO deurgebring om die take te ontwikkel aan die hand van die riglyne en beleidsverklaring. Die moderering en gehalteversekering van take is deur nasionale en provinsiale eksaminatore en moderatore onderneem. Die assesseringstake is verder afgerond deur die nasionale interne moderatore om te verseker dat dit in ooreenstemming met KABV-dokument is.

## 6. INHOUD VAN DIE GIDS

Die volgende word vir elke assesseringstaak ingesluit:

- Vraestel, antwoordeboek en nasienriglyne
- Bronnemateriaal vir die projek
- Instruksies en notas vir leerders en onderwysers word verskaf in die vraestelle, antwoordeboeke en nasienriglyne oor hoe om die take te onderneem, vrae te beantwoord en die nasienriglyne te gebruik.

**NOTA VIR ONDERWYSERS:** Hierdie taak het betrekking op graad 12-leerders vanaf 2014 (d.w.s. vir KABV). Hierdie taak bestaan uit twee dele. Jy mag die stof aanpas om die behoeftes van jou leerders in ag te neem. Jy kan hulle byvoorbeeld vra om Deel A op hulle eie te doen en Deel B in die klas. Of jy kan die klas vra om slegs Deel B as 'n formele verslag te doen en Deel A as 'n uitbreidingstaak in die klas te doen op 'n weeklikse grondslag. As jy verkies om die stof in enige opsig aan te pas, moet jy seker maak dat die taak 50 punte beloop ooreenkomstig die KABV.

# REKENINGKUNDE GRAAD 12: TAAK A

## EERSTE KWARTAAL ASSESSERINGSTAAK

## VERSLAG OOR MAATSKAPPYE

## VRAESTEL

## 50 punte

**HIERDIE TAAK BESTAAN UIT TWEE DELE:**

| | | |
|---|---|---|
| **DEEL A** | Verslag oor 'n publieke maatskappy op die JSB genoteer | (26) |
| **DEEL B** | Verslag van interne ouditeur oor prosedures en interne beheer in 'n publieke maatskappy | (24) |
| | | **50** |

**DEEL A Verslag oor ‘n publieke maatskappy op die JSB genoteer** **26 punte**

Vir hierdie taak moet jy die bladsy in die sakenuus van ‘n oggendkoerant gebruik wat die lys bevat van die publieke maatskappye wat op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSB) handel dryf. Jy sal hierdie bron elke week vir ‘n tydperk van 5 weke moet raadpleeg.

‘n Welgestelde tante het R200 000 van haar fondse vir beleggingsdoeleindes geoormerk. Sy wil aandele koop in ‘n publieke maatskappy wat op die JSB genoteer is. Sy benodig jou advies. Kies ‘n maatskappy op die aandelebladsy wat aan jou bekend is om die volgende verslag te voltooi.

**NOTA VIR DIE ONDERWYSER:** Elke leerder moet ‘n ander maatskappy kies.

**GEVRA:**

Stel ‘n eenbladsy-verslag op oor die maatskappy wat jy gekies het.

**VOORBEREIDING EN NAVORSING VIR JOU VERSLAG**

- Op die aanvangsdatum van hierdie taak, bereken die maksimum getal aandele van die maatskappy wat jy gekies het, wat jou tante vir R200 000 kan koop. Maak seker dat sy aandele in hoeveelhede van 100 koop, dit wil sê 100, 200, 300, ensovoorts. Bereken ook hoeveel kontant sy op hierdie datum sal oorhê nadat sy die aandele gekoop het. Sy sal hierdie geld in 'n spaarrekening plaas (ignoreer rente).
- Vir 'n tydperk van vyf weke, maak 'n aantekening van die aandeleprys op dieselfde dag van elke week. Bereken die waarde van haar beleggingsportefeulje elke week, dit wil sê, die waarde van die aandele en die kontant.
- Verkry ook ander interessante inligting omtrent die maatskappy wat jy gekies het, bv. produkte wat hulle verkoop of dienste wat hulle lewer, gemeenskapsdiens of borgskappe deur die maatskappy, die grootte van die maatskappy, waar dit geleë is, besonderhede oor die direkteure of die hoof uitvoerende beampte (HUB), die bedrag wat die HUB verdien, of enige ander nuus omtrent die maatskappy of sy geskiedenis.

**DIE VERSLAG MOET DIE VOLGENDE INSLUIT:**

- Trek 'n tabel en teken 'n grafiek van die maatskappy se aandeleprys.
- Trek 'n tabel en teken 'n grafiek van die waarde van jou tante se beleggingsportefeulje met betrekking tot die belegging in die aandele en die kontant wat sy voorhande het. Laat die rente wat sy op haar spaarrekening verdien, buite rekening.
- Verdere interessante inligting omtrent die maatskappy.
- Aanbeveling rakende verdere belegging in hierdie maatskappy, met redes. (Moet jou tante dit oorweeg om nog aandele in hierdie maatskappy te koop of moet sy liewer aan 'n ander belegging dink?)

**DEEL B Verslag van die interne ouditeur oor 'n publieke maatskappy** **24 punte**

Jy is aangestel as die interne ouditeur van Exotic Clothing Bpk., 'n nuwe publieke maatskappy wat binnekort gestig gaan word. Alle voorraad sal op krediet aangekoop word. Hulle sal goedere kontant verkoop en sal klante toelaat om op krediet te koop. Daar word verwag dat daar ongeveer 1 000 aandeelhouers gaan wees. Die hoof uitvoerende beampte (HUB) het jou gevra om 'n verslag op te stel oor bepaalde prosedures wat in die maatskappy gevolg behoort te word.

Die maatskappy het tans vier werknemers in die Rekeninge-afdeling. Die HUB dink daaraan om Tom aan te stel om die vaste bates te bestuur, Maisy om die handelsvoorraad te beheer, Bheki vir debiteure-kontrole (bedrae ontvangbaar) en Shamila om kontantvoorraad te beheer.

**Jou verslag moet die volgende insluit:**

1. Prosedure om die maatskappy te stig
2. Die rekords wat oor elke aandeelhouer gehou moet word, tesame met die redes waarom dit nodig is
3. Die prosedures wat in werking gestel moet word om te verseker dat goeie interne beheer oor die volgende uitgeoefen word:
    - Vaste bates
    - Handelsvoorraad
    - Rekeninge ontvangbaar (debiteure)
    - Kontant ingevorder

**TOTAAL**

**50 punte**

# REKENINGKUNDE GRAAD 12: TAAK A
# EERSTE KWARTAAL ASSESSERINGSTAAK:
# VERSLAG OOR MAATSKAPPYE
# ANTWOORDEBOEK

**HIERDIE TAAK BESTAAN UIT TWEE DELE:**

**DEEL A** Verslag oor 'n publieke maatskappy op die JSB genoteer

**DEEL B** Verslag van interne ouditeur oor prosedures en interne beheer in 'n publieke maatskappy

| | |
|---|---|
| **Naam van leerder** | |
| **Skool** | |
| **Klas** | |

| | **MAKSIMUM** | **PUNTE BEHAAL** |
|---|---|---|
| **Deel A** | **26** | |
| **Deel B** | **24** | |
| **TOTAAL** | **50** | |

**DEEL A: VERSLAG OOR DIE BELEGGINGSPORTEFEULJE VAN _______________**

**(tante se naam)**

1.

| | |
|---|---|
| Naam van maatskappy: | |
| Kategorie op die aandelebladsy | |
| Begindatum van die belegging in aandele | |
| Aandeleprys op hierdie datum | |
| Getal aandele gekoop (in hoeveelhede van 100) | |
| Totale waarde van aandele gekoop | |
| Kontant voorhande | |
| Totale waarde van beleggingsportefeulje | **R200 000** |

**4**

2.

| | **Aandele-prys** | **Getal aandele gekoop** | **Totale waarde van aandele** | **Kontant voorhande** | **Totale waarde van belegging** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Week 1** | | | | | |
| **Week 2** | | | | | |
| **Week 3** | | | | | |
| **Week 4** | | | | | |
| **Week 5** | | | | | |

**5**

3. **Grafiek van aandeleprys e week:**

**4**

4. **Grafiek van waarde van beleggingsportefeulje elke week:**

**4**

5. **Verdere inligting oor die maatskappy:**

| |
|---|
| 5 |

6. **Aanbeveling oor verdere belegging in hierdie maatskappy, met redes:**

| |
|---|
| 4 |

| |
|---|
| 26 |

**DEEL B**

**Verslag deur interne ouditeur oor prosedures wat deur Exotic Clothing Bpk. geïmplementeer moet word.**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | **Prosedure om die maatskappy te stig:** | 4 |
| 2. | **Rekords wat oor elke aandeelhouer gehou moet word, met redes:** | 4 |
| 3. | **Prosedure vir interne beheer oor vaste bates:** | 4 |

| | | |
|---|---|---|
| 4. | **Prosedure vir interne beheer oor handelsvoorraad:** | **4** |
| 5. | **Prosedure vir interne beheer oor rekeninge ontvangbaar (debiteure):** | **4** |
| 6. | **Prosedure vir interne beheer oor kontant ingevorder:** | **4** |

**24**

**Geteken: ______________________ (Interne ouditeur) Datum: ______________**

**BELANGRIKE NOTA VIR ONDERWYSERS:** Die toets sluit inskrywings in wat betrekking het op die nuwe KABV-kurrikulum wat in 2014 geïmplementeer word, oor aandele sonder pariwaarde en die terugkoop van aandele. Die toets is aangepas uit 'n vorige graad 12-vraestel (VRAAG 4 in die NSS-rugsteunvraestel van 2009).

# REKENINGKUNDE GRAAD 12: TAAK B

## EERSTE KWARTAAL TOETS
## DIE FINANSIËLE STATE VAN 'N MAATSKAPPY

## VRAESTEL

**100 punte; 60 minute**

| **FINANSIËLE STATE VAN 'N MAATSKAPPY** | | **(100 punte; 60 minute)** |
|---|---|---|
| | | |
| Jy word voorsien van bedrare uit die Vooraansuiweringsproefbalans van **Simphiwe Beperk**. Die maatskappy koop en verkoop uniforms en herstel ook uniforms vir hulle klante, waarvoor hulle 'n fooi vra. Hierdie bedrae word in die Fooie-inkomsterekening in die Algemene Grootboek gekrediteer.<br><br>Aan die einde van die vorige finansiële jaar, 30 September 2011, het die maatskappy reeds 400 000 gewone aandele uitgereik. Hierdie aandele is almal op verskillende tye en teen verskillende uitgiftepryse uitgereik. Baie van die bestaande aandeelhouers het ook aandele op die JSB gekoop teen pryse wat met die verkopers van hierdie aandele onderhandel is. Die maatskappy het op 1 Maart 2013 ook 100 000 nuwe aandele uitgereik. | | |
| | | |
| **GEVRA** | | |
| 1. | Verwys na Inligting 10 hieronder.<br><br>Bereken die wins of verlies op die verkoop van die rekenaar. Toon jou bewerkings. Jy kan 'n Bateverkoperekening opstel om die bedrag te verkry. | (8) |
| | | |
| 2. | Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 September 2012. | (64) |
| | | |
| 3. | Die volgende notas tot die finansiële state:<br><br>3.1 Gewone aandelekapitaal<br><br>3.2 Behoue inkomste | <br><br>(13)<br><br>(15) |

| INLIGTING | | |
|---|---|---|
| **SIMPHIWE BPK** | | |
| **VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 30 SEPTEMBER 2012** | | |
| | **DEBIET** | **KREDIET** |
| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | **R** | **R** |
| Gewone aandelekapitaal (500 000 aandele) | | 4 410 000 |
| Behoue inkomste (1 Oktober 2011) | | 812 650 |
| Lening by Stay Bank | | 270 000 |
| Grond en geboue teen kosprys | 4 884 000 | |
| Voertuie teen kosprys | 660 000 | |
| Toerusting teen kosprys | 570 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Oktober 2011) | | 123 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Oktober 2011) | | 111 000 |
| Debiteurekontrole | 109 800 | |
| Krediteurekontrole | | 53 880 |
| Handelsvoorraad | 1 398 600 | |
| Bank | 940 500 | |
| Kleinkas | 6 600 | |
| SAID – Inkomstebelasting | 390 500 | |
| Voorsiening vir oninbare skuld | | 4 320 |

| **Nominale-rekeninge-afdeling** | **R** | **R** |
|---|---|---|
| Verkope | | 8 160 000 |
| Koste van verkope | 3 930 000 | |
| Debiteure-afslag | 18 600 | |
| Salarisse en lone | 486 000 | |
| Korting toegestaan | 2 710 | |
| Fooi-inkomste | | 314 250 |
| Huurinkomste | | 168 000 |
| Versekering | 33 000 | |
| Diverse uitgawes | 117 750 | |
| Direkteursfooie | 870 000 | |
| Ouditfooi | 161 100 | |
| Verbruikersgoedere | 75 600 | |
| Rente-inkomste | | 7 500 |
| Dividende op gewone aandele (tussentyds) | 264 000 | |

| AANSUIWERINGS EN BYKOMENDE INLIGTING | |
|---|---|
| | |
| 1. | Voorafbetaalde uitgawes ten opsigte van diverse uitgawes teen jaareinde, R9 600, is nog nie in berekening gebring nie. |
| 2. | Op 30 September 2012, is R1 700 ontvang van A Ethic, wie se rekening voorheen as oninbaar afgeskryf is. Die bedrag is in die Debiteurekontrolekolom in die Kontantjoernaal ingeskryf. |
| 3. | Voorsiening vir oninbare skuld moet tot R5 410 aangepas word. |
| 4. | Aan die begin van die rekeningkundige tydperk was daar twee direkteure. Die direkteursfooie vir die eerste helfte van die rekeningkundige tydperk is reeds betaal. Op 1 April 2012 is 'n derde direkteur aangestel. Al drie direkteure verdien dieselfde bedrag per maand. Maak voorsiening vir die uitstaande fooie wat aan die direkteure verskuldig is. |
| 5. | Huur is ontvang vir 14 maande. |
| 6. | Die volgende kredietnota is per abuis uitgelaat uit die Debiteure-afslagjoernaal vir September. Die prysopslag op goedere verkoop was 50% op kosprys. |

SIMPHIWE BPK — **KREDIETNOTA 4533**

**28 Sep. 2012**

| **Krediet:** | Supaclean Bpk.<br>Posbus 340, Westmead, 3610 | **Eenheidsprys** | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| 48 | Uniforms teruggestuur | R600 | R28 800 |
| | Vermindering in fooi gehef vir die herstel van uniforms | | R 2 250 |
| | | | R31 050 |

| | |
|---|---|
| 7. | Die leningstaat van Stay Bank het die volgende getoon: |

| | |
|---|---|
| Saldo aan die begin van die finansiële jaar | R450 000 |
| Terugbetalings gedurende die jaar | R234 000 |
| Rente gekapitaliseer | R ? |
| Saldo aan die einde van die finansiële jaar | R270 000 |

8. 'n Fisiese voorraadopname op 30 September 2012 het die volgende getoon:

- Verbruikersgoedere voorhande, R3 600
- Voorraad uniforms voorhande, R1 440 000

9. Die waardeverminderingskoers op voertuie is 20% p.j. volgens die verminderende-saldo-metode. 'n Nuwe voertuig is op 1 Mei 2012 vir R165 000 gekoop. Die transaksie is na behore geboekstaaf.

| | |
|---|---|
| 10. | Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% p.j. op kosprys. Let daarop dat ‘n item toerusting op 30 Junie 2012 deur een van die direkteure, Ivor Steele, vir eie gebruik teen R2 400 kontant oorgeneem is. Die betrokke bladsy in die Vastebateregister word hieronder getoon. Geen inskrywings is gemaak ten opsigte van die verkoop van hierdie bate nie. |

| **VASTEBATEREGISTER** | | | **Bladsy 12** |
|---|---|---|---|
| **Item:** VYE rekenaar | **Grootboekrekening:** Toerusting | | |
| **Datum aangekoop:** 1 April 2006 | **Kosprys:** R66 000 | | |
| **Waardeverminderingsbeleid:** 10% p.j. op kosprys | | | |
| **Datum** | **Berekening van waardevermindering** | **Huidige waardevermindering** | **Opgehoopte waardevermindering** |
| 30 Sep. 2009 | R66 000 x 10% x 6/12 | R3 300 | R3 300 |
| 30 Sep. 2010 | R66 000 x 10% x 12/12 | R6 600 | R9 900 |
| 30 Sep. 2011 | R66 000 x 10% x 12/12 | R6 600 | R16 500 |
| 30 Junie 2012 | ? | R ? | R ? |

| | |
|---|---|
| 11. | Inkomstebelasting word gehef teen 30% van die netto inkomste voor belasting. |
| | |
| 12. | Besonderhede van gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal:<br>• Gemagtig: 600 000 gewone aandele sonder pariwaarde<br>• Uitgereik tot op 30 September 2011: 400 000 gewone aandele<br>• Nuwe uitgifte op 1 April 2012: 100 000 aandele teen ‘n uitgifteprys van R9,50 elk. Hierdie aandele het nie vir tussentydse dividende in aanmerking gekom nie. |
| | |
| 13. | Dividende:<br>• Tussentydse dividend betaal op 31 Maart 2012, 66 sent per aandeel<br>• Finale dividend verklaar op 30 September 2012, 82 sent per aandeel |
| | |
| 14. | Terugkoop van aandele: Die direkteure het goedkeuring verleen vir die terugkoop van 70 000 aandele van verskillende aandeelhouers teen ‘n terugkoopprys van R11,20 per aandeel. ‘n Regstreekse oordrag van fondse is op 30 September 2012 uit die bankrekening aan die aandeelhouers gemaak, maar is nog nie opgeteken nie. Die teruggekoopte aandele kwalifiseer vir finale dividende gedurende die huidige finansiële tydperk. |

**100**

# REKENINGKUNDE GRAAD 12: TAAK B

## EERSTE KWARTAAL TOETS

## DIE FINANSIËLE STATE VAN 'N MAATSKAPPY

## ANTWOORDEBOEK

| | |
|---|---|
| **Naam van leerder** | |
| **Skool** | |
| **Klas** | |

| | MAKSIMUM | PUNTE BEHAAL |
|---|---|---|
| **Deel 1** | 8 | |
| **Deel 2** | 64 | |
| **Deel 3.1** | 13 | |
| **Deel 3.2** | 15 | |
| **TOTAAL** | 100 | |

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Bereken die wins of verlies op die verkoop van die rekenaar.**<br><br>**BEWERKINGS:**<br><br><br><br>**ANTWOORD:** | 8 |

| 2. | SIMPHIWE BPK<br><br>INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2012 |
|---|---|

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| Ander bedryfsinkomste | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| Bedryfsuitgawes | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| Wins voor rente-uitgawe | |
| | |
| Wins voor belasting | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| 64 |

**3. NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE**

3.1

| **GEWONE AANDELEKAPITAAL** | |
|---|---|
| **Gemagtig:** | |
| | |
| | |
| **Uitgereik**: | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| 13 |

3.2

| **BEHOUE INKOMSTE** | |
|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | |
| Plus: | |
| Minus: | |
| Minus: | |
| | |
| | |
| Saldo aan die einde van die jaar | |

| |
|---|
| 15 |

| |
|---|
| **100** |

**NOTA VIR ONDERWYSERS:** Hierdie taak het betrekking op graad 12-leerders vanaf 2014 (d.w.s. op KABV). Jy mag die stof aanpas om meer as 50 punte te beloop, maar jy moet seker maak dat die finale punt tot 'n punt uit 50 verwerk word soos deur KABV vereis. Leerders mag toegelaat word om handboeke te gebruik.

**VERWYS OOK NA DIE BRONNEMATERIAAL VIR HIERDIE TAAK**

**(BLADSY 30–40)**

# REKENINGKUNDE GRAAD 12: TAAK C

# TWEEDE KWARTAAL PROJEK

# GEPUBLISEERDE FINANSIËLE STATE VAN 'N MAATSKAPPY

# VRAESTEL EN ANTWOORDEBOEK

# (GEKOMBINEER)

## 50 punte; 90 minute

| | |
|---|---|
| **Naam van leerder** | |
| **Skool** | |
| **Klas** | |

| **PUNTE BEHAAL** |
|---|
| |
| **50** |

**FAMOUS BRANDS BEPERK**

**GEVRA**

Bestudeer die inligting wat verskaf word. Beantwoord die vrae wat volg. Aangesien hierdie taak bedoel is om 'n projek te wees, mag jy jou handboek as 'n bron gebruik.

**Die volgende finansiële aanwysers vir die 2011 finansiële jaar word ook verskaf:**

| | | |
|---|---|---|
| Bedryfsverhouding = 1,4 : 1 | Vuurproefverhouding = 1,1 : 1 | Dividende uitbetalingskoers = 64% |
| Skuld-ekwiteit-verhouding = 0,2 : 1 | Netto batewaarde per aandeel = R7,44 | % opbrengs op aandeelhouersbelang = 33,9% |
| VPA = 242 sent (verdienste per aandeel) | DPA = 155 sent (dividend per aandeel) | |

**Algemene inligting**

1.

1.1 **Verwys na bladsy 1 van die bronnemateriaal vir die ikone van die bekende handelsmerke waaruit Famous Brands Bpk. bestaan. Noem VIER van hierdie handelsmerke en beskryf die produk of diens waarin elke handelsmerk spesialiseer.**

| | Handels-merk | Beskrywing van spesialiteits-produk of -diens |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |
| 3. | | |
| 4. | | |

| |
|---|
| 2 |

1.2 **Skryf die name neer van die persone wat die volgende posisies beklee: Voorsitter van die direksie; Hoof uitvoerende beampte (HUB); Groeps- finansiële direkteur en Maatskappysekretaris. Verduidelik kortliks die werk wat elkeen verrig.**

| Posisie | Naam | Werk |
|---|---|---|
| **Voorsitter** | | |
| **HUB** | | |
| **Groeps- finansiële direkteur** | | |
| **Maatskappysekretaris** | | |

| |
|---|
| 3 |

1.3 **Wie is die onafhanklike ouditeure van Famous Brands Beperk en hoeveel is hulle vir hulle diens betaal? Hulle verslag is nie in hierdie opsomming vervat nie, maar dit word in Nota 3 genoem. Verduidelik kortliks wat hierdie ouditverslag sou bevat.**

| | |
|---|---|
| **Onafhanklike ouditeure** | |
| **Ouditfooi betaal** | |
| **Besonderhede van ouditverslag** | |

| |
|---|
| 3 |

1.4 **Hoeveel direkteure het die maatskappy, hoeveel is uitvoerende direkteure en hoeveel is nie-uitvoerende direkteure? Verduidelik kortliks die verskil in die rolle van hierdie twee tipes direkteure.**

| | |
|---|---|
| **Aantal direkteure** | **Totaal** =<br>**Uitvoerend** =<br>**Nie-uitvoerend** = |
| **Verskil in rolle** | |

**3**

2. **Waarom het die direkteure besluit om die grafieke van die verdienste per aandeel en totale inkomste boaan die bladsy te plaas? Verduidelik kortliks wat hierdie grafieke toon omtrent die maatskappy vir die afgelope vyf jaar.**

**2**

3. **Verwys na die direkteure se kommentaar, in die besonder die Oorsig en die Finansiële resultate. Wat sê die direkteure oor die veranderende gewoontes van hulle klante, en hoe het die direkteure op hierdie veranderings gereageer?**

**Verduidelik kortliks die belangrikste uitdagings waarvoor die maatskappy in die afgelope finansiële jaar te staan gekom het.**

**Die Bedryfsoorsig noem dat die maatskappy op die volgende drie gebiede bedrywig was: Franchises, Vervaardiging en Logistiek. Verduidelik wat met elk van hierdie aktiwiteite bedoel word, met spesifieke verwysing na die werk wat die maatskappy doen.**

| | |
|---|---|
| **Franchises** | |
| **Vervaardiging** | |
| **Logistiek** | |

**Die maatskappy is nie net in Suid-Afrika bedrywig nie. Verskaf bewys uit die inligting om hierdie stelling te bewys.**

| |
|---|
| |
| **6** |

4. **Vind die volgende syfers in die finansiële state. Noem ook waar jy elke bedrag gekry het, d.w.s. in die Inkomstestaat (IS), Balansstaat (BS) of Kontantvloeistaat (KVS):**

| | Waar gevind IS, BS of KVS | Bedrag in rand |
|---|---|---|
| Bruto wins | | |
| Bedryfswins | | |
| Netto wins voor belasting | | |
| Belastinguitgawe | | |
| Belasting betaal | | |
| Bedrag aan SAID verskuldig teen jaareinde | | |
| Dividende betaal | | |
| Uitbreiding van vaste bates | | |
| Vervanging van vaste bates | | |
| Vaste bates teen jaareinde | | |
| Terugbetaling van lenings | | |
| Lopende gedeelte van lenings | | |
| Langtermyngedeelte van lenings | | |
| Voorraad voorhande | | |

| |
|---|
| |
| **4** |

5. **Verwys na bladsy 1 van die bronnemateriaal vir die uitgeligte aanwysers. Verskaf die bewerkings vir die volgende berekenings:**

**% styging in inkomste**

**% styging in bedryfswins**

**% styging in kernverdienste per aandeel (gebruik basiese KVPA)**

**% styging in dividende per aandeel**

| |
|---|
| |
| 4 |

6. **Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2012. Verwys na die einde van die Inkomstestaat vir die getal aandele.**

| | Bewerkings | Antwoord |
|---|---|---|
| Bedryfsverhouding | | |
| Vuurproefverhouding | | |
| Kernverdienste per aandeel (gebruik geweegde gemiddelde getal aandele) | | |
| % opbrengs op gemiddelde ekwiteit | | |
| Netto batewaarde per aandeel (gebruik getal uitgereikte aandele) | | |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | | |
| % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | | |

| |
|---|
| |
| 4 |

7. **Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om jou mening te staaf.**

| |
|---|
| |
| 3 |

8. **Lewer kommentaar daaroor of die maatskappy geneig is om sy winste te behou of uit te keer. Verskaf bewys om jou mening te staaf. Verduidelik kortliks hoe dit die aandeleprys op die JSB kan beïnvloed.**

| |
|---|
| |
| 3 |

9. **Lewer kommentaar op die hefboomfinansiering van die maatskappy. Behoort die maatskappy lenings terug te betaal of nog lenings uit te neem? Verskaf bewys om jou mening te staaf.**

| |
|---|
| |
| 3 |

10. **In Februarie 2012 was die aandeleprys van die maatskappy op die JSB R53,00. Die prys het in Februarie 2013 tot R79,00 gestyg. Lewer kommentaar daaroor of jy dink dat die maatskappy se aandele billik gewaardeer word of nie. Verskaf bewys om jou mening te staaf.**

| |
|---|
| |
| 3 |

11. **Behoort die aandeelhouers tevrede te wees met die persentasie opbrengs, verdienste en dividende vir die 2012 finansiële jaar? Verduidelik. Verskaf bewyse om jou mening te staaf.**

**4**

12. **Wat sê die direksie oor die vooruitsigte vir die toekoms? Sou dit jou beïnvloed om aandele in Famous Brands Beperk te koop?**

**3**

**TOTAAL: 50 punte**

**BRONNEMATERIAAL VIR TAAK C**

**TWEEDE KWARTAAL PROJEK**

**Verwys na die ingeslote uittreksel uit die gepubliseerde jaarverslag van FAMOUS BRANDS BEPERK.**

**Volgende 10 bladsye**

**(Bl. 31–40)**

**famous | brands LIMITED**

**R2 156m**
**Inkomste** 15% hoër tot 2 156 miljoen

**200c**
**Dividende per aandeel** 29% hoër tot 200 sent

**R413m**
**Bedryfswins** 15% hoër tot 413 miljoen

**R452m**
**Kontant gegenereer voor veranderings in bedryfskapitaal** 15% hoër tot 452 miljoen

**278c**
**Wesensverdienste per aandeel** 15% hoër tot 278 sent

**10%**
**Netto skuldlas tot ekwiteit** verbeter tot 10%

### Direkteure en administrasie:

### Nie-uitvoerend:

P Halamandaris (*Voorsitter*), JL Halamandres, P Halamandaris (jr.), HR Levin, CH Boulle, BL Sibiya

### Uitvoerende bestuur

KA Hedderwick (*Hoof uitvoerende beampte*), T Halamandaris (*Uitvoerende adjunkvoorsitter*), SJ Aldridge (*Groep- finansiële direkteur*)

### Geregistreerde kantoor:

James-singel 478, Halfway House 1685, Posbus 2884, Halfway House 1685

### E-pos:

investorrelations@famousbrands.co.za

### Oordragsekretarisse:

Link Market Services (Edms) Bpk. (Registrasienommer 1000/007239/07),

Rennie Huis, Ameshoffstraat 19, Braamfontein 2001, Posbus 4844, Johannesburg 2000

### Onderskrywer

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk

(Registrasienommer 1969/017128/06), Simmonds-straat 3, Johannesburg 2001

### Verklaring van gewone dividend

Kennis word hiermee gegee dat 'n finale dividend No. 35 van 120 sent (2011: 85 sent) per gewone aandeel betaalbaar uit inkomste verklaar is ten opsigte van die 2012 finansiële jaar. Dit sal die totale kontantdividende vir die 2012 finansiële jaar op 200 sent per aandeel te staan bring, 'n styging van 29% in vergelyking met die totale dividende van 155 sent in 2011.

Die hoofdatums vir die betaling van die finale dividend is soos volg:

| | |
|---|---|
| Laaste dag om te verhandel cum-dividend | Vrydag 6 Julie 2012 |
| Aandele begin verhandel ex-dividend | Maandag 9 Julie 2012 |
| Rekorddatum | Vrydag 13 Julie 2012 |
| Betaaldatum | Maandag 16 Julie 2012 |

Aandelesertifikate mag nie tussen Maandag 9 Julie 2012 en Vrydag 13 Julie 2012, beide datums ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Kragtens die nuwe Dividendebelasting wat op 1 April 2012 in werking getree het, word die volgende bykomende inligting bekend gemaak:

- Die plaaslike dividendbelastingkoers is 15% voor benutting van Bykomende Belasting op Maatskappye (BBM) krediete.

- BBM-krediete beskikbaar beloop 1,13543 sent per aandeel.

- Daar is geen verdere BBM-krediete om oor te bring nie. Die netto plaaslike dividendbedrag is 102,17031 sent per aandeel vir aandeelhouers wat aanspreeklik is om die nuwe Dividendebelasting te betaal en 120 sent per aandeel vir aandeelhouers wat vrygestel is van die betaling van die nuwe Dividendebelasting soos op die datum van verklaring.

- Die uitgereikte aandelekapitaal van Famous Brands soos op die datum van verklaring is 96 192 435 gewone aandele; en

- Famous Brands se belastingverwysingsnommer is 9208085846.

Vir en namens die Direksie

**JG Pyle**

Maatskappysekretaris

Midrand


18 Mei 2012

**famous | brands LIMITED**


(Incorporated in the Republic of South Africa)
(Registration number 1969/004875/06)
JSE Share code: FBR
ISIN code: ZAE000053328
("Famous Brands" or "the Group")

***Jy's in goeie geselskap***

**Geouditeerde resultate** vir die jaar geëindig 29 Februarie 2012




**Wesensverdienste per aandeel** (sent)




**Inkomste** (R miljoen)

## Kommentaar

### Oorsig

Nieteenstaande sprake van vroeë tekens van ekonomiese herstel in die land, was die verslagjaar steeds vol uitdagings vir kleinhandelaars. 'n Pessimistiese verbruikersentiment het geheers in 'n omgewing gekenmerk deur hoë vlakke van werkloosheid en skuldlaste, beperkte werklike loonverhogings en verbruikersbesteding wat onder druk verkeer as gevolg van stygende krag- en brandstofkoste en wydverspreide voedselinflasie.

In hierdie breë ekonomiese konteks het die voedseldienssektor 'n reeks waarneembare nuwe tendense beleef. Die sigbaarste hiervan was ongeëwenaarde fragmentering, wat deur aggressiewe prysbesnoeiing en reklame-aktiwiteite gereflekteer is; afwyking deur gevestigde handelsmerke van die tradisionele kernspyskaartaanbiedings; toetrede tot onverwante kategorieë; en die herontwerp van porsiegroottes. Bykomende druk is uitgeoefen deur tradisionele kleinhandelaars se pogings om 'n markaandeel van konvensionele geriefsgesentreerde voedseldiensoperateurs te verkry. Dit is beduidend dat, hoewel die getal verbruikers oor die voedseldienstekategorie toegeneem het, die frekwensie van besoeke met 10% afgeneem het tot die laagste vlak in twaalf jaar, en in lyn met 2005.

Ondanks hierdie moeilike toestande, het Famous Brands verdienstelike resultate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2012 gelewer. Dit is vermag deur verskerpte fokus en verbetering ten opsigte van die voor- en agterkant van die onderneming.

### Finansiële resultate

Na 'n fase van intense groei deur middel van verkryging gedurende die afgelope twee jaar, het die Groep onderneem om op die konsolidering en integrering van sy nuwe ondernemings te fokus, 'n program wat nou afgesluit is en gereflekteer word in die verbetering in inkomste en winsgewendheid van die Franchise- en Verskaffingsketting-afdelings.

Die Groepsinkomste en bedryfswins het met 15% tot R2,16 miljard (2011: R1,88 miljard) en R413 miljoen (2011: R358 miljoen) onderskeidelik gestyg. Die bedryfsmarge het bestendig gebly teen die rekordvlak van 19,1% verkry in die vorige vergelykbare tydperk.

Die netto rente betaal het met 29% tot R11 miljoen (2011: 15 miljoen) gedaal vanweë verminderde netto skuldlas wat spruit uit volgehoue sterk kontantvloei en die heersende laerentekoersomgewing.

Die Groep se belastingkoers het in die verslagjaar tot 33,3% (2011: 32,8%) toegeneem hoofsaaklik vanweë die impak van die verhoogde kapitaalwinsbelastingkoers op uitgestelde belastingsaldo's. Dit is beduidend geneutraliseer deur belastingaanpassings die vorige jaar.

Wesensverdienste per aandeel en verdienste per aandeel het beide met 15% toegeneem tot 278 sent per aandeel.

Kontant uit bedrywighede gegenereer voor veranderings in die bedryfskapitaal het met 15% tot R452 miljoen (2011: R392 miljoen) toegeneem. Ná veranderings in die bedryfskapitaal, het die kontant uit bedrywighede gegenereer 'n gesonde R399 miljoen (2011: R397 miljoen) bedra. Belastingbetalings van R132 miljoen was 6% hoër as die vorige jaar. Kapitaalbesteding van R88 miljoen is aangegaan en het hoofsaaklik bestaan uit R32 miljoen vir die verkryging van die Milky Lane en Juicy Lucy handelsmerke op 1 Maart 2011 sowel as aktiwiteite betreffende die Verskaffingskettinguitbreiding. Dit sluit in R18 miljoen vir die hoenderfiletaanleg in die Vervaardigingsafdeling en R6 miljoen vir 'n nuwe Logistiek-depot in Nelspruit, wat in April 2012 met aflewerings begin het.

Na betaling van R159 miljoen (2011: R128 miljoen) in dividende, was die kontantvloei voldoende om die netto skuldlas met R19 miljoen (2011: R58 miljoen) af te betaal. Die lae vlak van skuldlas, netto kontant en banksaldo's, van R82 miljoen (2011: R101 miljoen) verteenwoordig 'n skrale 10% van ekwiteit (2011: 14%), wat ruim geleentheid bied om die onderneming organies of deur middel van verkryging te laat groei.

**Bedryfsoorsig**

**FRANCHISE-AFDELING – PLAASLIK**

Die plaaslike Franchise-afdeling, wat bestaan uit bedrywighede in Suid-Afrika en 15 Afrika-lande, het 'n bevredigende prestasie behaal in 'n uiters mededingende omgewing. In Suid-Afrika het sisteemwye verkope regoor die handelsmerkportefeulje met 8% toegeneem, terwyl soort-vir-soort- verkope met 5% gestyg het; die Groep se Afrikamark se verbeterde sisteemwye en soort-vir-soort- verkope het met 21% en 7% onderskeidelik toegeneem. Die gekombineerde inkomste vir die Suid-Afrikaanse en Afrika-bedrywighede het met 14% tot R440 miljoen toegeneem (2011: 386 miljoen), terwyl die bedryfswins in hierdie afdeling met 13% tot R265 miljoen gestyg het (2011: 235 miljoen). Die bedryfswinsmarge was 60,2%, effens laer vergeleke met 60,9% die vorige jaar, in wese 'n funksie van die investering in nuut bekomde en ontwikkelende handelsname voor invordering van die winsaandeel.

Die Groep het sy 2 000-mylpaal van restaurante verbygesteek met die opening van 'n totaal van 146 nuwe restaurante gedurende die jaar (2011:111), waarvan 113 in Suid-Afrika en die orige 33 in Afrika; laasgenoemde prestasie is 'n weerspieëling van Famous Brands se sukses in sy pogings om vastrapplek in die streek te kry. Verder is 99 restaurante opgeknap (2011:81), waarvan 92 in Suid-Afrika en die res in Afrika.

Die Groep se handelsmerke het weereens erkenning deur lojale klante gekry via die jaarlikse verbruikersopname, Leisure Options, en al die toekennings verower regoor al die belangrike kategorieë waarin die Groep se handelsmerke meegeding het.

**FRANCHISE-AFDELING – INTERNASIONAAL**

Die resultate wat deur die Internasionale Franchise-afdeling gelewer is, bestaande uit Wimpy Verenigde Koninkryk, is 'n weerspieëling van die baie moeilike handelstoestande wat in hierdie land ondervind word. Inkomste in Sterling het met 19% afgeneem, en in Rand-terme met 13% tot R82 miljoen (2011: R95 miljoen). Die Bedryfswins het met 30% afgeneem tot R8 miljoen (2011: R11 miljoen). Hierdie afdeling lewer 'n nominale bydrae tot die Groepsinkomste en bedryfswins, naamlik 3,8% en 1,8% onderskeidelik.

**VERSKAFFINGSKETTING**

Die Verskaffingsketting-afdeling, bestaande uit die Groep se Vervaardigings- en Logistieke bedrywighede, het weereens bevredigend presteer. Die gekonsolideerde inkomste het met 17% toegeneem terwyl die bedryfswins met 21% gestyg het. Verhoogde volumes en streng kostebestuur het verseker dat die bedryfsmarge van 8,4% tot 8,7% verbeter het ondanks die Groep se doelbewuste strategie in die eerste helfte van die jaar om die marge-druk te absorbeer wat deur die buitensporige styging in beesvleispryse veroorsaak is.

**Vervaardiging**

Hierdie afdeling het die inkomste met 13% tot R747 miljoen (2011: 664 miljoen) verhoog. Die bedryfswins het met 13% tot R88 miljoen gestyg (2011: R78 miljoen), met 'n gevolglike marge van 11,7% (2011: 11,7%).

Die volgende projekte is gedurende die tydperk voltooi en het tot die sterk vertoning van hierdie eenheid van die onderneming bygedra:

– Volle ingebruikneming van 'n hoenderfiletaanleg wat met ingang November 2011 begin het om die produk aan die franchise-netwerk te verskaf;

– Opneem van die sagte-roomyskomponent vir Milky Lane.

**Logistiek**

Hierdie afdeling het 'n 20% styging in inkomste tot R1,52 miljard (2011: R1,26 miljard) behaal. Die bedryfswins het met 37% gestyg tot R53 miljoen (2011: R38 miljoen), met 'n gevolglike rekordmarge van 3,5% (2011: 3,1%).

Hierdie skitterende resultaat spruit uit die behaal van kritieke massa in lynitems gehanteer, wat met 43% gedurende die tydperk toegeneem het, en verbeterings in produktiwiteit in die Eienaargedrewe program.

**Korporatiewe optrede**

Die Groep het sy Teater van Voedsels-portefeulje uitgebrei met die skep van 'n nuwe onderneming, Creative Coffee Franchise Systems (Edms) Bpk. (Creative Coffees). Met ingang van 1 Mei 2011, is die handelsmerke en franchise-ooreenkomste van die House of Coffees en Juicy Lucy handelsmerke na Creative Coffees verskuif en saamgesmelt met die onderneming van Kairuz Holdings (Edms) Bpk., 'n maatskappy wat daarin spesialiseer om diens te lewer aan die kleinhandel- en voedselaanbiedings in die privaathospitaalbedryf. Famous Brands behou 'n 61% beherende aandeel in die nuwe maatskappy.

**Direksie**

Aandeelhouers word in kennis gestel dat Christopher Hardy Boulle aangestel is as 'n plaasvervanger nie-uitvoerende direkteur vir Hymie Reuvin Levin, met ingang 1 Desember 2011. Hy sal ook optree as Voorsitter van die sosiale en etiekkomitee en dien as lid van die ouditkomitee.

**Dividend**

Met betrekking tot die nuwe Dividendebelasting, word aandeelhouers in kennis gestel dat die finale dividend tot 120 sent verhoog is (2011:85 sent) en gevolglik verseker dat aandeelhouers in 'n verbeterde kontantposisie is nieteenstaande die instelling van hierdie belasting. Die dividenddekking vir die finansiële jaar is tot 1,4 keer verminder, wat as volhoubaar beskou word in ag genome Famous Brands se sterk vermoë om kontant te genereer. In die oorweging van toekomstige dividendverklarings sal die direksie gelei word deur die Groep se kontantvereistes in ooreenstemming met toekomstige kontantvloeivooruitskattings.

**Vooruitsigte**

Verbruikers se besteebare inkomste sal steeds onder druk bly as gevolg van eskalerende elektrisiteitstariewe, brandstofkoste en algemene voedselinflasie. Die oorgrote meerderheid verbruikers wat agterstallig raak met betalings is middelklasverdieners, die tradisionele teikenmark vir voedseldiensoperateurs. Om hulle oor te haal om tot vorige bestedingsvlakke terug te keer, sal verskerpte innovering verg, veral indien rentekoerse styg en ekonomiese onsekerheid voortduur.

Ondanks die negatiewe uitwerking wat hierdie faktore op die bedryf sal hê, posisioneer die Groep se allesomvattende sakemodel, uitsonderlike personeel en beste-in-sy-klas ontspanningshandelsmerke Famous Brands vir voortgesette groei.

In hierdie verband sal die Groep 'n reeks inisiatiewe onderneem in die tydperk wat voorlê wat daarop gemik is om verdere waarde vir aandeelhouers te ontsluit. Dit sal insluit die sentralisering van die Groep se verkrygingsfunksie, wat Famous Brands in staat sal stel om 'n selfs laer koste produsent te word; die uitbreiding van die Groep se teenwoordigheid in marksegmente waar dit tans oor geen teenwoordigheid beskik nie, insluitend die identifisering van nuwe vennootskappe vir gesamentlike ondernemings; en die voortgesette verkenning van geleenthede om die sinergieë in werking te stel wat deur die Famous Brands-verskaffingsketting gebied word.

Namens die direksie

| | |
|---|---|
| **P Halamandaris** | **KA Hedderwick** |
| Nie-uitvoerende voorsitter | Hoof uitvoerende beampte |

**NOTAS:**

**1. Basis van voorbereiding**

Hierdie verkorte finansiële jaarstate is voorberei ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslaggewingstandaarde (IFRS), die AC 500 standaarde soos uitgereik deur die Raad vir Rekeningkundige Praktyke en sy opvolger, die Suid-Afrikaanse Maatskappyewet No. 71 van 2008 en die Noteringsvereistes van die JSB Beperk. Hierdie verkorte resultate is voorberei onder die toesig van mnr. SJ Aldridge GR(SA), in sy hoedanigheid as Groeps- Finansiële Direkteur.

**2. Rekeningkundige beleid**

Die rekeningkundige beleid wat deur die Groep toegepas word, is in ooreenstemming met die beleid wat in die vergelykende finansiële tydperke toegepas is, behalwe vir die aanvaarding van verbeterde, hersiene of nuwe standaarde en vertolkings. Die gesamentlike uitwerking van hierdie veranderinge ten opsigte van die jaar geëindig 28 Februarie 2011 is nul.

**3. Ouditeure**

Hierdie finansiële state is deur RSM Betty en Dickson (Johannesburg) geouditeer en hulle ongekwalifiseerde ouditmening is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

| | **29 Februarie 2012**<br><br>**R000** | 28 Februarie 2011<br><br>R000 |
|---|---|---|
| **4. Bedryfswins** | | |
| Die volgende word verklaar in bedryfswins: | | |
| – Amortisering van ontasbare bates | **1 795** | 1 631 |
| – Ouditeursvergoeding | **3 053** | 3 462 |
| – Waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting | **27 241** | 42 402 |
| – Verliese buitelandse valuta | **298** | 245 |
| – Bedryfshuurheffings op vaste eiendom netto na invorderings van onderverhuring | **42 508** | 27 145 |
| – Bedryfshuurheffings op roerende eiendom | **2 102** | 1 930 |
| – (Wins)/verlies op verkoop van eiendom, aanleg, toerusting en restaurante | **(1 203)** | 337 |
| – Oordrag van aandelegebaseerde betalingsreserwe | **9 378** | 7 339 |
| **5. Kapitaaltoewysings** | | |
| Kapitaalbesteding goedgekeur maar nie gekontrakteer nie | **35 328** | 43 968 |

**Verkorte gekonsolideerde kontantvloeistaat**



| | **29 Februarie 2012 R000** | 28 Februarie 2011 R000 |
|---|---|---|
| **Kontant gegenereer voor veranderings in bedryfskapitaal** | **451 636** | 392 133 |
| (Toename)/afname in voorrade | **(44 430)** | 4 592 |
| Toename in ontvangbare bedrae | **(15 690)** | (23 039) |
| Toename in betaalbare bedrae | **7 194** | 23 243 |
| **Kontant deur bedrywighede gegenereer** | **398 710** | 396 929 |
| Netto rente betaal | **(10 652)** | (14 934) |
| Belasting betaal | **(131 791)** | (123 895) |
| **Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **256 339** | 258 100 |
| Dividende betaal | **(159 165)** | (127 817) |
| **Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite behou** | **97 174** | 130 283 |
| Verkryging van ondernemings insluitend ontasbare goedere | **(30 896)** | (43 800) |
| Uitbreidingskapitaalbesteding | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **(45 793)** | (15 794) |
| Ontasbare bates | **(1 030)** | (3 893) |
| Vervangingskapitaalbesteding op eiendom, aanleg en toerusting | **(9 776)** | (25 546) |
| Opbrengs uit vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting | **3 263** | 1 818 |
| **Kontantvloei vanuit beleggingsbedrywighede** | **(84 232)** | (87 215) |
| Beweging in aandelekapitaal en reserwes | **5 657** | 15 245 |
| Afname in rentedraende skuldlas | **(65 634)** | (67 399) |
| **Kontantvloei vanuit finansieringsaktiwiteite** | **(59 977)** | (52 154) |
| Verandering in kontant en kontantekwivalente | **(47 035)** | (9 086) |
| Uitwerking op buitelandse valuta | **1 218** | 963 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **86 397** | 94 520 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | **40 580** | 86 397 |

**Verkorte gekonsolideerde omvattende-inkomstestaat**



| | **29 Februarie 2012** **R000** | 28 Februarie 2011 R000 | % verandering |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | **2 155 615** | 1 878 036 | 15 |
| Bruto wins | **922 967** | 813 152 | 14 |
| Verkoops- en administratiewe uitgawes | **(510 311)** | (454 699) | |
| **Bedryfswins** | **412 656** | 358 453 | 15 |
| Netto rente betaal | **(10 652)** | (14 934) | |
| **Wins voor belasting** | **402 004** | 343 519 | 17 |
| Belasting | **(133 950)** | (112 520) | |
| **Wins vir die jaar** | **268 054** | 230 999 | 16 |
| Buitelandse valuta-omrekeningsverskille | **7 837** | (5 182) | |
| Totale omvattende inkomste vir die jaar | **275 891** | 225 817 | |
| **Wins toeskryfbaar aan:** | | | |
| Aandeelhouersbelang van Famous Brands Beperk | **266 811** | 230 260 | 16 |
| Niebeherende belange | **1 243** | 739 | |
| **Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:** | | | |
| Aandeelhouers van Famous Brands Beperk | **274 648** | 225 078 | |
| Niebeherende belange | **1 243** | 739 | |
| **Rekonsiliasie met wesensverdienste per aandeel vir die jaar** | | | |
| Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers van Famous Brands Beperk | **266 811** | 230 260 | 16 |
| Verlies op verkoop van restaurante deur maatskappy besit | **455** | 406 | |
| Wins/(verlies) op vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting | **172** | (164) | |
| **Wesensverdienste vir die jaar** | **267 438** | 230 502 | 16 |
| **Verdienste per aandeel – sent** | | | |
| – basiese | **278** | 242 | 15 |
| – verwaterde | **272** | 237 | 15 |
| **Wesensverdienste per aandeel – sent** | | | |
| – basiese | **278** | 242 | 15 |
| – verwaterde | **272** | 237 | 15 |
| **Dividende aan aandeelhouers – sent** | | | |
| – tussentyds: dividend verklaar | **80** | 70 | 14 |
| – finaal: dividend verklaar | **120** | 85 | 41 |
| **Totale dividende vir die jaar** | **200** | 155 | 29 |
| Gewone aandele | | | |
| – in uitreiking | **96 192 435** | 95 817 435 | |
| – geweegde gemiddelde | **96 102 435** | 95 245 318 | |
| – verwaterde geweegde gemiddelde | **99 937 435** | 98 905 257 | |

### Verkorte gekonsolideerde segmentele inligting – besigheidseenheid en geografies



| | **29 Februarie 2012 R000** | 28 Februarie 2011 R000 | % verandering |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | |
| Franchises | **439 946** | 386 015 | 14 |
| Verskaffingsketting | **1 613 907** | 1 382 778 | 17 |
| Vervaardiging | **747 244** | 663 812 | |
| Logistiek | **1 516 375** | 1 262 325 | |
| Eliminasies | **(649 712)** | (543 359) | |
| Korporatief | **19 829** | 14 577 | |
| Suid-Afrika | **2 073 682** | 1 783 370 | 16 |
| Franchise (VK) | **81 933** | 94 666 | (13) |
| **Totaal** | **2 155 615** | 1 878 036 | 15 |
| **Bedryfswins** | | | |
| Franchises | **264 685** | 234 971 | 13 |
| Verskaffingsketting | **140 508** | 116 233 | 17 |
| Vervaardiging | **87 784** | 77 788 | |
| Logistiek | **52 724** | 38 445 | |
| Korporatief | **(40)** | (3 489) | |
| Suid-Afrika | **405 153** | 347 715 | 17 |
| Franchise (VK) | **7 503** | 1 738 | (30) |
| **Totaal** | **412 656** | 358 453 | 15 |

### Verkorte gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit



| | **29 Februarie 2012 R000** | 28 Februarie 2011 R000 |
|---|---|---|
| **Saldo aan die begin van die jaar** | **708 594** | 583 926 |
| Groep omvattende inkomste vir die jaar | **274 648** | 225 078 |
| Groep dividende aan aandeelhouers | **(158 565)** | (127 629) |
| Ekwiteit-vereffende aandelegebaseerde betalings | **9 378** | 7 339 |
| Beweging in aandelekapitaal en reserwes | **5 657** | 15 245 |
| Toename in niebeherende aandeel | **658** | 4 635 |
| **Totale ekwiteit** | **840 370** | 708 594 |

### Verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie



| | 29 Februarie 2012 R000 | 28 Februarie 2011 R000 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Niebedryfsbates** | **859 304** | 793 323 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **155 739** | 130 847 |
| Ontasbare bates | **694 977** | 659 668 |
| Uitgestelde belasting | **8 5888** | 2 808 |
| | | |
| **Bedryfsbates** | **361 865** | 345 989 |
| Voorrade | **119 987** | 75 552 |
| Belasting | **1 386** | 1 468 |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae | **199 912** | 182 572 |
| Kontant en kontantekwivalente | **40 580** | 86 397 |
| **Totale bates** | **1 221 169** | 1 139 312 |
| **EKWITEITE EN LASTE** | | |
| Ekwiteite toeskryfbaar aan aandeelhouers van Famous Brands Beperk | **834 792** | 703 674 |
| Niebeherende belange | **5 578** | 4 920 |
| **Totale ekwiteit** | **840 370** | 708 594 |
| **Niebedryfslaste** | **106 624** | 177 032 |
| Rentedraende skuldlas | **52 216** | 122 011 |
| Uitgestelde belasting en huurskulde | **54 408** | 55 021 |
| **Bedryfslaste** | **274 175** | 253 686 |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | **191 523** | 189 631 |
| Korttermyngedeelte van rentedraende skuldlas | **69 936** | 65 775 |
| Belasting | **12 716** | 7 280 |
| **Totale laste** | **380 799** | 430 718 |
| **Totaal ekwiteit en laste** | **1 221 169** | 1 139 312 |

**NOTA VIR ONDERWYSERS:** Hierdie taak het betrekking op graad 12-leerders vanaf 2014 (d.w.s. op KABV). Jy mag besluit om die punte vir spesifieke items te vermeerder en die gevallestudie uit 75 of 100 punte te laat tel, mits die finale gewigstoedeling in ooreenstemming met die KABV is.

# REKENINGKUNDE GRAAD 12: TAAK D

## DERDE KWARTAAL ASSESSERINGSTAAK GEVALLESTUDIE: KONTANTBEGROTING EN DEBITEURE

## VRAESTEL

## 50 punte; 60 minute

**Inleiding**

Nikke Winkels is 'n kleinhandelonderneming wat sportgoedere verkoop. Die oorspronklike eienaar van die onderneming is Bennie Becker. Die finansiële jaar eindig jaarliks op 31 Desember. Aangesien Bennie se vrou, Mary, Rekeningkunde op skool geneem het, het hy haar gevra om 'n Kontantbegroting vir die onderneming op te stel en om die werklike bedrae elke maand op te teken.

In Februarie 2013 word jy van hierdie kontantbegroting voorsien, wat ook die werklike syfers toon.

Die onderneming het 'n oortrokke bankrekening van R325 400 op 1 Desember 2012.

Ten einde die probleem van die oortrokke rekening op te los, besluit Bennie Becker om Mark Mtini as 'n nuwe sakevennoot in te neem op 28 Desember 2012. Dit was nie in die vooruitsig toe Mary die Kontantbegroting aan die begin van Desember opgestel het nie. Die vennootskapsooreenkoms bepaal dat Mtini se kapitaalbydrae bestaan uit 'n kontantoordrag, R250 000, en 'n nuwe afleweringsvoertuig ter waarde van R180 000.

**GEVRA**

1. Bennie Bekker meen sy vrou het twee foute begaan in die opstel van die begroting. Hy beweer sy het die volgende verkeerdelik uitgelaat:
   - Die maandelikse waardevermindering van R4 800 per maand
   - Die nuwe afleweringsvoertuig, ter waarde van R240 000, wat deur Mtini as kapitaal bygedra is

   Wat sou jy aangaande hierdie twee bewerings vir Bennie sê? (2)

2. Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Desember 2012 en Januarie 2013. (4)

3. Bereken die volgende vir Januarie 2013:
   - Persentasie styging in die begrote salarisse en lone (2)
   - Persentasie afname in die bedrag wat vir kommissie-inkomste begroot is (2)

4. Die R9 000 per maand is die maandelikse terugbetaling op die aankoop van die bestaande voertuig. Dié voertuig is 'n aantal maande gelede teen R196 000 aangekoop. Ten tyde van die aankoop is 'n deposito van R46 000 betaal. Paaiemente word oor 24 maande betaal. Bereken die totale finansieringskoste wat aangegaan is met die aankoop van die voertuig. (2)

5. Bennie se seun, Bart, gebruik die onderneming se voertuig om na sy matriekafskeidsfunksie toe te gaan, en is toe in 'n ongeluk betrokke. Die versekeringsmaatskappy weier om die voertuig te laat herstel, aangesien Bart nie een van die aangewese bestuurders is nie en die voertuig nie vir sakedoeleindes gebruik is nie. Bennie magtig betaling vir die herstelwerk aan die beskadigde voertuig en teken die bedrag aan onder Voertuiguitgawes. Die onderneming het te veel begroot vir normale voertuiguitgawes en bestee 75% van die begrote bedrag.

   - Watter uitwerking het die skade wat deur Bart veroorsaak is, op die begroting gehad? (2)
   - Mtini vind daarvan uit. Wat gaan hy waarskynlik vir Bennie daaroor te sê hê? Noem TWEE punte. (2)

6. Verwys na die Huur in die Kontantbegroting. 'n Styging van 10% in die huur tree op 1 Januarie 2013 in werking. Die werklike huur in Desember ontvang, was ooreenkomstig die begroting.

   - Bereken die huurinkomste vir Desember 2012. (2)
   - Verskaf 'n gepaste verduideliking waarom die werklike bedrag aan huur in Januarie 2013 ingevorder van die begrote bedrag verskil. (1)

7. Betalings aan krediteure:

   - Bereken die begrote bedrag wat in Januarie 2013 aan krediteure betaal moet word. (2)
   - Mtini is van mening dat die onderneming geen goedere kontant hoef te koop nie, en dat alle goedere op krediet gekoop behoort te word. Sal dit na jou mening die onderneming se Kontantbegroting verbeter? Verduidelik. (2)

8. Bennie Bekker besluit om op 31 Desember 2012 die bestaande lening by Alpha Lenings ten volle terug te betaal aangesien die rentekoers baie hoog is. Die rente van 15% p.j. op hierdie lening is nie gekapitaliseer nie. Daarna besluit Bennie om 'n nuwe lening by Minty Bank uit te neem op 1 Januarie 2013. Die rente op hierdie lening word gekapitaliseer en volgens die ooreenkoms moet 'n maandelikse bedrag van R4 000 aan Minty Bank op die 25ste dag van elke maand betaal word.

   - Verduidelik die verskil tussen rente wat gekapitaliseer word en rente wat nie gekapitaliseer word nie. (1)
   - Bereken die bedrag van die lening wat op 31 Desember 2012 terugbetaal moet word. (2)

9. Gebruik die Kontantbegroting om die ontbrekende bedrae, totale en saldo's wat AD gemerk is, te verkry. Daar word NIE van jou verwag om die ander ontbrekende bedrae te identifiseer nie. (4)

10. Mtini is bekommerd dat debiteurekontrole in die onderneming nie na behore plaasvind nie. Hy vra jou vir 'n bondige verslag. Sluit die volgende by jou verslag in:

    - Berekening van die gemiddelde debiteure-invorderingstydperk (in dae) (2)
    - Die persentasie debiteure wat aan die kredietvoorwaardes voldoen (soos in die Debiteure-ouderdomsontleding getoon) (2)
    - Kort kommentaar oor die bostaande twee berekeninge (1)
    - Besonderhede van die belangrikste foute wat die onderneming begaan rakende debiteure. Verskaf ook die name van spesifieke debiteure om hierdie belangrikste probleme te illustreer en stel 'n oplossing voor vir elke fout. (6)

11. Beskou die werklike en begrote bedrae vir Reklame, Telefoon en Versekering. (Let daarop dat Mtini nog nie enige fondse onttrek het nie.) Lewer kommentaar oor elke item, en bied EEN punt van advies in elke geval aan. (6)

12. Bennie het twee belangrike besluite geneem deur 'n nuwe lening aan te gaan en 'n vennoot by die onderneming in te neem. Wat sou jy vir Bennie oor hierdie besluite sê en die uitwerking daarvan op die kontantvloei van die onderneming? (3)

**INLIGTING OP VOLGENDE TWEE BLADSYE ...**

**INLIGTING**

1. **Kontantbegroting vir twee maande geëindig 31 Januarie 2013**

**(werklike syfers in gekleurde kolomme):**

| | Desember 2012 | | Januarie 2013 | |
|---|---|---|---|---|
| **Ontvangste** | **BEGROOT** | **WERKLIK** | **BEGROOT** | **WERKLIK** |
| Kontantverkope | 480 000 | **452 000** | 330 000 | **208 000** |
| Invordering van debiteure | **?** | **189 980** | **?** | **222 685** |
| Kommissie-inkomste | 24 000 | **?** | 20 400 | **12 000** |
| Lening by Minty Bank | 0 | **0** | 0 | **120 000** |
| Huurinkomste | **?** | **?** | 15 950 | **31 900** |
| Kapitaal van M Mtini | 0 | **250 000** | 0 | **0** |
| **Totale ontvangste** | **778 798** | **926 480** | **?** | **594 585** |
| **Betalings** | | | | |
| Kontantaankope | 222 500 | **245 750** | 155 000 | **110 380** |
| Betalings aan krediteure | 181 800 | **162 000** | **?** | **184 000** |
| Telefoon | 2 800 | **4 500** | 2 800 | **4 200** |
| Terugbetaling op bestaande voertuig | 9 000 | **9 000** | 9 000 | **9 000** |
| Voertuig-uitgawes | 8 000 | **6 400** | 8 000 | **37 500** |
| Salarisse en lone | 68 000 | **82 800** | 72 080 | **72 080** |
| Reklame | 5 000 | **5 000** | 5 000 | **5 000** |
| Diverse bedryfsuitgawes | 23 380 | **19 400** | 17 300 | **17 320** |
| Versekering | 22 000 | **16 000** | 22 000 | **16 000** |
| Onttrekkings deur Bennie Bekker | 25 000 | **25 000** | 25 000 | **35 000** |
| Rente op oortrokke rekening | 4 020 | **?** | **?** | **0** |
| Rente op lening | 500 | **500** | 500 | **0** |
| Terugbetaling van lenings | 0 | **?** | 0 | **4 000** |
| **Totale betalings** | **572 000** | **620 370** | **516 930** | **494 480** |
| Kontantsurplus/tekort | **206 498** | **306 110** | **?** | **100 105** |
| Bank (Beginsaldo) | **(325 400)** | **(325 400)** | **A** | **C** |
| **Bank (Eindsaldo)** | **?** | **(19 290)** | **B** | **D** |

2. **Aankope en verkope van handelsvoorraad**

Voorraad word op 'n maandgrondslag vervang.

50% van voorraad word gewoonlik op krediet aangekoop.

Krediteure word betaal in die maand ná die aankoop, om die voordeel van 'n 10%-korting te benut.

Goedere word verkoop teen 'n konstante prysopslag van 80% op kosprys.

Die begroting word op grond van die volgende totale verkoopsyfers uitgewerk:

| Oktober 2012 | November 2012 | Desember 2012 | Januarie 2013 |
|---|---|---|---|
| R603 00 | R727 200 | R801 000 | R558 000 |

Kredietverkope maak 40% van die totale verkope uit.

3. **Verwagte invordering van debiteure**

Debiteure word meegedeel dat daar van hulle verwag word om in die huidige maand te betaal of in die maand wat volg op die maand van die verkoopstransaksie. Die begroting word egter soos volg opgestel:

10% word ingevorder in die transaksiemaand. 'n Korting van 5% word toegestaan vir enige betaling wat in die transaksiemaand ontvang word.

50% word ingevorder in die maand na die transaksiemaand.

35% word ingevorder in die tweede maand na die maand van die verkope.

4. **Debiteure-ouderdomsontleding op 31 Desember 2012**

| DEBITEURE | KREDIET-LIMIET | SEPTEMBER | OKTOBER | NOVEMBER | DESEMBER | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| M Minaj | 45 000 | | | | 49 100 | 49 100 |
| U Usher | 85 000 | | | 7 800 | 40 680 | 48 480 |
| B Beiber | 30 000 | | | | 24 000 | 24 000 |
| B Britney | 100 000 | 49 125 | 45 240 | 9 050 | 25 865 | 129 280 |
| J Jemson | 12 000 | | 6 500 | | | 6 500 |
| W West | 50 000 | | | | 22 000 | 22 000 |
| D Drake | 120 000 | 29 800 | 39 000 | 24 000 | 26 680 | 119 480 |
| H Hannah | 25 000 | | | 31 100 | 9 300 | 40 400 |
| W Wayne | 45 000 | | 4 350 | 23 270 | 8 740 | 36 360 |
| Ander debiteure | | ? | ? | ? | ? | ? |
| | | **R156 725** | **R234 250** | **R172 500** | **R201 300** | **R764 775** |
| | | 90 dae | 60 dae | 30 dae | Lopend | |
| | Persentasie | % | % | % | % | 100% |

5. **Werklike syfers uit die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2012:**

| | Vir die jaar | |
|---|---|---|
| Totale verkope | R4 600 000 | |
| Kontantverkope | R2 200 000 | |
| Kredietverkope | R2 400 000 | |
| | **1 Januarie 2012** | **31 Desember 2012** |
| Handelsdebiteure | R 295 225 | R764 775 |

**TOTAAL: 50**

# REKENINGKUNDE GRAAD 12: TAAK D

## DERDE KWARTAAL ASSESSERINGSTAAK

## GEVALLESTUDIE: KONTANTBEGROTING EN DEBITEURE

## ANTWOORDEBOEK

| | |
|---|---|
| **Naam van leerder** | |
| **Skool** | |
| **Klas** | |

| **PUNTE BEHAAL** |
|---|
| |
| **50** |

1. **Wat sou jy vir Bennie sê oor die foute wat hy beweer sy vrou begaan het in die opstel van die begroting met betrekking tot die waardevermindering en die bydrae van 'n nuwe aflew-eringsvoertuig?**

2

2. **Debiteure-invorderingskedule vir Desember 2012 en Januarie 2013**

| MAAND | KREDIETVERKOPE | DESEMBER 2012 | JANUARIE 2013 |
|---|---|---|---|
| Oktober | | | |
| November | | | |
| Desember | | | |
| Januarie | | | |
| **Kontant van debiteure** | | | |

4

3. **Bereken die % styging in die begrote salarisse en lone in Januarie 2013.**

**Bereken die % afname in die bedrag wat vir kommissie-inkomste begroot is in Januarie 2013.**

4

4. **Bereken die totale finansieringskoste wat aangegaan is met die aankoop van die voertuig.**

2

5. **Uitwerking op die begroting:**

**TWEE punte wat Mtini vir Bekker kan noem:**

4

6. **Bereken die huurinkomste vir Desember 2012:**

**Gepaste verduideliking:**

| |
|---|
| |
| **3** |

7. **Bereken die begrote bedrag wat in Januarie 2013 aan krediteure betaal moet word.**

**Mtini dink dat die onderneming geen goedere kontant hoef te koop nie, en dat alle goedere op krediet gekoop behoort te word. Sal dit na jou mening die onderneming se Kontantbegroting verbeter? Verduidelik.**

| |
|---|
| |
| **4** |

8. **Verduidelik die verskil tussen rente wat gekapitaliseer word en rente wat nie gekapitaliseer word nie.**

**Bereken die bedrag van die lening wat op 31 Desember 2012 terugbetaal moet word.**

| |
|---|
| |
| **3** |

9. **Gebruik die Kontantbegroting om die ontbrekende bedrae, totale en saldo's wat A–D gemerk is, te verkry. Daar word NIE van jou verwag om die ander ontbrekende bedrae te identifiseer nie.**

| A | B | C | D |
|---|---|---|---|
| | | | |

| |
|---|
| |
| **4** |

10. **Berekening van die gemiddelde debiteure-invorderingstydperk (in dae):**

2

**Berekening van die persentasie debiteure wat aan die kredietvoorwaardes voldoen (soos getoon in die Debiteure-ouderdomsontleding):**

2

**Kort kommentaar oor die twee berekeninge hierbo:**

1

**Besonderhede van die belangrikste foute wat die onderneming begaan rakende debiteure. Verskaf ook die name van spesifieke debiteure om hierdie belangrikste probleme te illustreer en stel 'n oplossing voor vir elke fout.**

| FOUTE | WANBETALENDE DEBITEURE | OPLOSSING |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

6

11. **Beskou die werklike en begrote bedrae vir Reklame, Telefoon en Versekering. (Let daarop dat Mtini nog nie enige fondse onttrek het nie.) Lewer kommentaar oor elke item, en bied EEN punt van advies in elke geval aan.**

| | KOMMENTAAR | ADVIES |
|---|---|---|
| **Reklame** | | |
| **Telefoon** | | |
| **Versekering** | | |

6

12. **Bennie het twee belangrike besluite geneem deur 'n nuwe lening aan te gaan en 'n vennoot by die onderneming in te neem. Wat sou jy vir Bennie oor hierdie besluite sê en die uitwerking daarvan op die kontantvloei van die onderneming?**

| |
|---|
| 3 |

| |
|---|
| 50 |

# NASIEN-RIGLYNE

**NOTA VIR ONDERWYSERS:** Hierdie taak het betrekking op graad 12-leerders vanaf 2014 (d.w.s. vir KABV). Hierdie taak bestaan uit twee dele. Jy mag die stof aanpas om die behoeftes van jou leerders in ag te neem. Jy kan hulle byvoorbeeld vra om Deel A op hulle eie te doen en Deel B in die klas. Of jy kan die klas vra om slegs Deel B as ‘n formele verslag te doen en Deel A as ‘n uitbreidingstaak in die klas te doen op ‘n weeklikse grondslag. As jy verkies om die stof in enige opsig aan te pas, moet jy seker maak dat die taak 50 punte beloop ooreenkomstig die KABV.

# REKENINGKUNDE GRAAD 12: TAAK A
# EERSTE KWARTAAL ASSESSERINGSTAAK
# VERSLAG OOR MAATSKAPPYE
# NASIENRIGLYN

**HIERDIE TAAK BESTAAN UIT TWEE DELE:**

**DEEL A** Verslag oor ‘n publieke maatskappy op die JSB genoteer

**DEEL B** Verslag van interne ouditeur oor prosedures en interne beheer in ‘n publieke maatskappy

## NASIENRIGLYN VIR DEEL A

## DEEL A

### Verslag oor 'n publieke maatskappy op die JSB genoteer

### Nasienrubriek

| Kriteria | Swak/Foutief | Punt | Bevredigend | Punt | Goed | Punt | Uitstekend | Punt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Maksimum getal aandele wat jou tante kan koop | **Swak berekeninge oor aandeleprys** | **0–1** | **Sommige aspekte is voldoende gedek** | **2** | **Goeie berekeninge aangebied** | **3** | **Uitstekende berekeninge wat grondige begrip toon** | **4** |
| Aandeelprys en ander berekeninge | **Swak berekeninge** | **0–1** | **Sommige aspekte is voldoende gedek** | **2** | **Goeie berekeninge aangebied** | **3** | **Uitstekende berekeninge aangebied** | **4-5** |
| Grafiek van die maatskappy se aandeelprys | **Swak aanbieding van inligting in grafiek** | **0–1** | **Sommige aspekte is voldoende gedek** | **2** | **Goeie voorbereiding van grafiek** | **3** | **Uitstekende grafiek aangebied** | **4** |
| Grafiek van die waarde van jou tante se beleggings portefeulje | **Swak aanbieding van inligting in grafiek** | **0–1** | **Sommige aspekte is voldoende gedek** | **2** | **Goeie voorbereiding van grafiek** | **3** | **Uitstekende grafiek aangebied** | **4** |
| Verdere inligting oor die maatskappy | **Swak inligting oor maatskappy ingesamel** | **0–1** | **Sommige aspekte is voldoende gedek** | **2** | **Goeie inligting oor die maatskappy ingesamel** | **3** | **Uitstekende inligting ingesamel** | **4-5** |
| Aanbeveling oor verdere belegging in hierdie maatskappy, met redes | **Swak aanbevelings oor verdere belegging** | **0–1** | **Sommige aspekte is voldoende gedek** | **2** | **Goeie aanbevelings gemaak** | **3** | **Uitstekende aanbevelings gemaak** | **4** |

| |
|---|
| |
| **26** |

**NASIENRIGLYN VIR DEEL B**

**Verwagte antwoorde word hieronder gegee. Nasienriglyne is soos volg:**

*Uitstekende antwoord = 4 punte; Goed = 3 punte; Bevredigend = 2 punte; Swak = 1 punt; Foutief = 0*

**Verslag van interne ouditeur oor prosedures by Exotic Clothing Beperk:**

1. **Prosedure om maatskappy op te rig:**

- Die maatskappy word deur 'n stigter begin en geregistreer.
- 'n Akte van oprigting en 'n prospektus moet in die voorgeskrewe formaat opgestel en by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (CIPC) ingedien word, tesame met die nodige verklarings en fooie.
- Die maatskappy kom tot stand wanneer CIPC die akte van oprigting sertifiseer en verklaar dat die maatskappy geregistreer is.
- Die publiek word aangaande die maatskappy in kennis gestel deur die publikasie en verspreiding van die prospektus.
- Voornemende aandeelhouers moet volle betaling vir die aandele wat hulle bestel, saam met die aansoekvorm om aandele indien – 'n finansiële instelling word gewoonlik deur die maatskappy aangestel om die aansoeke om aandele en die spesifieke toewysings aan aandeelhouers te hanteer.
- Na toewysing word aandelesertifikate met betrekking tot die toegekende aandele aan suksesvolle applikante uitgereik (let daarop dat aandelesertifikate in digitale of elektroniese formaat kan wees). (4)

2. **Rekords wat oor elke aandeelhouer gehou moet word, met redes:**

| Rekords | Rede |
|---|---|
| • Voltooide aansoekvorm | • Erken die persoon se voorneme om in die maatskappy te belê |
| • Gewaarmerkte afskrifte van die persoonlike besonderhede van aandeelhouers | • Die bestaan van die persoon kan deur middel van hierdie besonderhede geverifieer word. |
| • Bankbesonderhede van aandeelhouers | • Dividende sal direk in die lopende bankrekening van die aandeelhouer inbetaal word. |
| • Inkomstebelastingnommer of besonderhede oor belastingregistrasie | • SAID sal regstreeks in kennis gestel word van voordele wat die aandeelhouer toeval |
| • Getal aandele aan die aandeelhouer toegewys | • Berekening van dividende |
| • Pos- en/of e-posadresse | • Finansiële state en ander besonderhede kan na die aandeelhouer gestuur word |

(4)

3. **Prosedure vir die interne beheer oor vaste bates:**

- Pligte in die Rekeningkundige-afdeling moet onder werknemers verdeel word sodat een persoon se werk as kontrole van 'n ander persoon se werk kan dien om sodoende misbruik en bedrog te voorkom.
- Behoorlike prosedures en dokumentasie vir die aankoop, ontvangs, optekening van bates wat bekom word en die vervreemding van vaste bates.
- Bates moet na behore gewaardeer word en dit moet die installeringskoste insluit.
- Vaste bates wat bekom word, moet na behore in die Vastebatesregister opgeteken word.
- Deurlopende identifisering van vaste bates word gedoen.
- Vaste bates wat vermis word of beskadig is, word in die logboek opgeteken. Ondersoeke moet uitgevoer en verslae oor die bevindings geskryf word.
- Winste en verliese word na behore opgeteken wanneer bates vervreem word.
- Vaste bates moet voldoende verseker word.
- Aanstelling van 'n vastebatesbestuurder om beheer oor die vaste bates uit te oefen.
- Daar moet duidelike riglyne oor die gebruik van vaste bates wees. In die reël word alle bates slegs vir sakedoeleindes gebruik. (4)

4. **Prosedure vir interne beheer oor handelsvoorraad:**

- Pligte in die Rekeningkundige-afdeling moet onder werknemers verdeel word sodat een persoon se werk as kontrole van 'n ander persoon se werk kan dien om sodoende misbruik en bedrog te voorkom.
- 'n Senior persoon of aangestelde aankoper is gewoonlik verantwoordelik vir die plaas van bestellings.
- Verdeling van take – die persoon wat vir bestellings verantwoordelik is, behoort nie toegang tot krediteure se rekeninge, betalings en voorraadverskuiwing te hê nie.
- Wanneer voorraad ontvang word, moet dit teen die afleweringsbrief gekontroleer word.
- Die faktuur moet ook met die bestellingsbrief vergelyk word, en al die berekenings daarop moet geverifieer word.
- Verslae moet ook aan die bestuur gestuur word oor verouderde, beskadigde en stadigbewegende voorraad.
- Voorraadopname moet voltooi word sodat voorraadverliese vasgestel kan word.
- Daar moet voldoende sekuriteitstelsels wees om voorraad te monitor en te beheer.
- Fakture moet met krediteurestate vergelyk en versoen word sodat verskille uitgewys kan word.
- Betalings moet behoorlik gemagtig word nadat krediteureversoenings gedoen is. (4)

5. **Prosedure vir interne beheer oor ontvangbare rekeninge (debiteure):**

- Pligte in die Rekeningkundige afdeling moet onder werknemers verdeel word sodat een persoon se werk as kontrole van 'n ander persoon se werk kan dien om sodoende misbruik en bedrog te voorkom.
- Voornemende debiteure moet toepaslike aansoekvorms voltooi.
- Die besonderhede op die aansoekvorm verskaf moet deur die debiteureklerk geverifieer word.
- Daar moet nagegaan word of die voornemende debiteure op die swartlys is of nie.
- Sif debiteure se vorige prestasie deur kredietverwysings na te gaan.
- 'n Bepaalde kredietlimiet word vasgestel op grond van die inligting op die aansoekvorm en die nagaan van alle toepaslike besonderhede.
- Kredietvoorwaardes moet duidelik vir die voornemende debiteur uiteengesit word.
- Deurlopende monitering van die limiet van kredietverkope en stiptelike vereffening van die verskuldigde bedrag.
- State moet teen maandeinde (25ste) uitgestuur word om debiteure in te lig oor die bedrag wat verskuldig is.
- Bied kortings aan of hef rente om debiteure aan te moedig om rekeninge stiptelik te vereffen.
- Wanbetalende debiteure moet onmiddellik gekontak word om hulle te herinner aan die bedrag betaalbaar, en ook om vas te stel waarom hulle nie stiptelik betaal nie.
- Krediet aan debiteure met uitstaande bedrae moet onmiddellik beëindig word.
- Stel debiteure met lank uitstaande rekeninge in kennis dat regstappe gedoen sal word om die verskuldigde bedrag in te vorder. (4)

6. **Prosedure vir interne beheer oor kontant ingevorder:**

- Pligte in die Rekeningkundige-afdeling moet onder werknemers verdeel word sodat een persoon se werk as kontrole van 'n ander persoon se werk kan dien om sodoende misbruik en bedrog te voorkom.
- Kwitansies moet uitgereik word vir alle kontant wat ingevorder word. Die kassier moet die ingevorderde kontant aan die hoofkassier oorhandig.
- Die hoofkassier berei die depositostrokie voor deur die bedrae wat ontvang is, te verifieer deur middel van die optel van duplikaatkwitansies en kasregisterstrokies.
- Alle kontant ontvang moet daagliks gedeponeer word. Die eienaar kan reëlings met die bank tref om 'n SMS-kennisgewing te ontvang vir alle deposito's wat in sy rekening gemaak word.
- Versoeningsprosedures moet gereeld uitgevoer word om te verseker dat alle gelde ontvang gedeponeer word.
- Verdeling van pligte – dit sal oneerlike optrede deur individue voorkom. (4)

**Geteken: ____________________ (Interne Ouditeur)** **Datum: ______________**

| |
|---|
| |
| **24** |

**BELANGRIKE NOTA VIR ONDERWYSERS:** Die toets sluit inskrywings in wat betrekking het op die nuwe KABV-kurrikulum wat in 2014 geïmplementeer word, oor aandele sonder pariwaarde en die terugkoop van aandele. Die toets is aangepas uit 'n vorige graad 12-vraestel (VRAAG 4 in die NSS-rugsteunvraestel van 2009).

# REKENINGKUNDE GRAAD 12: TAAK B

## EERSTE KWARTAAL TOETS

## DIE FINANSIËLE STATE VAN 'N MAATSKAPPY

## NASIENRIGLYN

**1.** Bereken die wins of verlies op die verkoop van die rekenaar.

Geen deelpunte

✓ ✓ ✓✓✓ ✓ ✓✓

66 000 – 16 500 – 4 950 – 2 400 = R42 150

**OF**

✓ ✓ ✓✓✓ ✓ ✓✓

66 000 – (16 500 + 4 950) – 2 400 = R42 150

**OF**

| | | |
|---|---|---|
| Kosprys | 66 000 | ✓ |
| Opgeh.waardev. (16 500 ✓ + 4 950 ✓✓✓) | 21 450 | |
| Drawaarde | 44 550 | |
| Verkoop/Bank | 2 400 | ✓ |
| Verlies op verkoop van bate | 42 150 | ✓✓ |

Bateverkope

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Toerusting* | ✓66 000 | *Opg.waardev.* (16 500✓ +4 950 ✓✓✓) | 21 450 |
| Ignoreer besonderhede hier | | *Bank* | ✓ 2 400 |
| | | *Verlies op verkoop van bate* | ✓✓42 150 |
| | 66 000 | | 66 000 |

8

| 2. | SIMPHIWE BPK<br>INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2012 |
|---|---|

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Verkope (8 160 000✓ – 18 600✓ – 28 800✓) | ✓ | 8 112 600 |
| | Koste van verkope (3 930 000✓ – 19 200✓) | ✓ | (3 910 800) |
| 9 | Bruto wins ✓ Bewerking, KVV moet afgetrek word | ☑ | 4 201 800 |
| | Ander bedryfsinkomste Kontroleer bewerking | ☑ | 479 900 |
| | Fooi-inkomste (314 250✓ – 2 250✓) | ✓ | 312 000 |
| | Huurinkomste (168 000✓– 24 000✓✓) | ✓ | 144 000 |
| | Slegte skuld ingevorder | ✓✓ | 1 700 |
| 13 | Handelsvoorraadsurplus [1 440 000 – (1 398 600 + 19 200)] Een deel korrek | ☑✓✓ | 22 200 |
| | | | *4 681 700* |
| | Bedryfsuitgawes Bewerking | ☑ | (3 224 700) |
| | Salarisse en lone | ✓ | 486 000 |
| | Korting toegestaan | ✓ | 2 710 |
| | Versekering | ✓ | 33 000 |
| | Diverse uitgawes (117 750✓ – 9 600✓) | ✓ | 108 150 |
| | Direkteursfooi (870 000✓ + 870 000✓+ 435 000✓) | ✓ | 2 175 000 |
| | Ouditfooi | ✓ | 161 100 |
| | Verbruikersgoedere (75 600✓ – 3 600✓) | ✓ | 72 000 |
| | Voorsiening vir aanpassing van slegte skuld (5 410✓ – 4 320✓) | ✓ | 1 090 |
| | Waardevermindering (4 950☑ + 13 750✓✓+ 74 400✓✓+ 50 400✓✓) Sien 4.1.1 Bewerking, een deel korrek | ☑ | 143 500 |
| 28 | Verlies op verkoop van bate Sien 4.1.1 | ☑☑ | 42 150 |
| | | | |
| | Bedryfswins ✓ Bewerking, uitgawes moet afgetrek word | ☑ | 1 547 000 |
| | Rente-inkomste ✓ | ✓ | 7 500 |
| | Wins voor rente-uitgawe Bewerking | ☑ | 1 464 500 |
| | Rente-uitgawe ✓ | ✓✓ | (54 000) |
| | Wins voor belasting Bewerking, rente moet afgetrek word | ☑ | 1 401 500 |
| | Inkomstebelasting ✓ Indien = 30% van bostaande bedrag | ☑☑ | (423 150) |
| 14 | Netto wins na belasting ✓ Bewerking, belasting en rente-uitgawe moet afgetrek word | ☑ | 978 350 |

Vreemde items –1 elk (maks –2); Ignoreer Handelsvoorraad en Voorsiening vir oninbare skuld as vreemde items

Indien rente-inkomste/rente-uitgawe op twee plekke, neem as vreemde item

Indien rente-inkomste/rente-uitgawe op die verkeerde plek staan, –1 elke keer (–2 maks)

| |
|---|
| 64 |

## 3. NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE

3.1

| GEWONE AANDELEKAPITAAL | |
|---|---|
| **Gemagtig:** | |
| 600 000 gewone aandele ✓ | |
| | |
| **Uitgereik**: | |
| ✓400 000 aandele in uitreiking op 1 Okt. 2011 (4 410 000-950 000) | ✓3 460 000 |
| ✓100 000 aandele uitgereik op 1 April 2009 teen R9,50 elk | ✓✓950 000 |
| ✓ 70 000 aandele teruggekoop op 30 September 2012 (70 000✓ x R8,82✓) | ✓✓(617 400) |
| ✓430 000 aandele in uitreiking op 30 September 2012 | ☑3 792 600 |

**13**

3.2

| BEHOUE INKOMSTE | |
|---|---|
| Saldo aan die begin van die jaar | ✓812 650 |
| Plus: Netto wins na belasting✓ Sien Inkomstestaat | ☑978 350 |
| Minus: Aandele teruggekoop ✓ (70 000✓ x R2,38✓) | ✓✓(166 600) |
| Minus: Dividende ✓ Bewerking | ☑(674 000) |
| Tussentyds | ✓264 000 |
| Finaal (500 000✓ x 82c✓) | ✓410 000 |
| | |
| Saldo aan die einde van die jaar Bewerking | ☑1 117 000 |

**15**

**100**

**NOTA VIR ONDERWYSERS:** Hierdie taak het betrekking op graad 12-leerders vanaf 2014 (d.w.s. op KABV). Jy mag die stof aanpas om meer as 50 punte te beloop, maar jy moet seker maak dat die finale punt tot 'n punt uit 50 verwerk word soos deur KABV vereis. Leerders mag toegelaat word om handboeke te gebruik.

**VERWYS OOK NA DIE BRONNEMATERIAAL VIR HIERDIE TAAK.**

# REKENINGKUNDE GRAAD 12: TAAK C

## TWEEDE KWARTAAL PROJEK
## GEPUBLISEERDE FINANSIËLE STATE VAN 'N MAATSKAPPY

## NASIENRIGLYN

**FAMOUS BRANDS BEPERK**

**GEVRA**

Bestudeer die inligting wat verskaf word. Beantwoord die vrae wat volg. Aangesien hierdie taak bedoel is om 'n projek te wees, mag jy jou handboek as 'n bron gebruik

**Die volgende finansiële aanwysers vir die 2011 finansiële jaar word ook verskaf:**

| | | |
|---|---|---|
| Bedryfsverhouding = 1,4 : 1 | Vuurproefverhouding = 1,1 : 1 | Dividende uitbetalingskoers = 64% |
| Skuld-ekwiteit-verhouding = 0,2 : 1 | Netto batewaarde per aandeel = R7,44 | % opbrengs op aandeelhouersbelang = 33,9% |
| VPA = 242 sent (verdienste per aandeel) | DPA = 155 sent (dividend per aandeel) | |

***Deelpunte mag toegeken word vir gedeeltelike of onvolledige antwoorde.***

1. Algemene inligting:

1.1 **Verwys na bladsy 1 van die bronnemateriaal vir die ikone van die bekende handelsmerke waaruit Famous Brands Bpk. bestaan. Noem VIER van hierdie handelsmerke en beskryf die produk of diens waarin elke handelsmerk spesialiseer.**

*Alle items korrek = 2 punte; deels korrek = 1; foutief = 0*

*Enige vier handelsmerke uit die inligting wat verskaf is, bv.*

| | Handelsmerk | Beskrywing van spesialiteitsproduk of -diens |
|---|---|---|
| 1. | Wimpy | Kitskos aan die publiek verkoop |
| 2. | Debonairs | Pizza, met afleweringsdiens |
| 3. | Mugg en Bean | Koffiewinkel met maaltye |
| 4. | Steers | Steaks, met ander maaltye |

**2**

1.2 **Skryf die name neer van die persone wat die volgende posisies beklee: Voorsitter van die direksie; Hoof uitvoerende beampte (HUB); Groeps- finansiële direkteur en Maatskappysekretaris. Verduidelik kortliks die werk wat elkeen verrig.**

*Alle items korrek = 3 punte; meestal korrek = 2; swak = 1; foutief = 0*

| Posisie | Naam | Werk verrig |
|---|---|---|
| **Voorsitter** | P Halamandaris | Hy tree op as voorsitter tydens direksievergaderings. |
| **HUB** | KA Hedderwick | Hy bestuur die maatskappy van dag tot dag; verseker dat die besluite van die direksie uitgevoer word. |
| **Groeps- finansiële direkteur** | SJ Aldridge | Hy is in beheer van die Rekeningkundige-afdeling, finansies en interne ouditering. |
| **Maatskappy-sekretaris** | JG Pyle | Hy maak seker dat daar aan alle wetlike prosedures voldoen word. |

**3**

1.3 **Wie is die onafhanklike ouditeure van Famous Brands Beperk en hoeveel is hulle vir hulle diens betaal? Hulle verslag is nie in hierdie opsomming vervat nie, maar dit word in Nota 3 genoem. Verduidelik kortliks wat hierdie ouditverslag sou bevat.**

*Alle items korrek = 3 punte; meestal korrek = 2; swak = 1; foutief = 0*

| | |
|---|---|
| **Onafhanklike ouditeure** | RSM Betty en Dickson (Johannesburg) |
| **Ouditfooi betaal** | R3 053 000 |
| **Besonderhede van ouditverslag** | Ongekwalifiseerd. Die verslag bevat 'n beskrywing van die pligte van die direkteure en ouditeure, en die voldoening aan internasionale finansiële verslaggewingstandaarde (IFRS) en die Maatskappyewet. Die ouditmening is dat die finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële resultate is. |

**3**

1.4 **Hoeveel direkteure het die maatskappy, hoeveel is uitvoerende direkteure en hoeveel is nie-uitvoerende direkteure? Verduidelik kortliks die verskil in die rolle van hierdie twee tipes direkteure.**

*Alle items korrek = 3 punte; meestal korrek = 2; swak = 1; foutief = 0*

| | |
|---|---|
| **Aantal direkteure** | Totaal = 9; Uitvoerend = 3; Nie-uitvoerend = 6 |
| **Verskille in rol** | Uitvoerende direkteure beklee voltydse poste in die maatskappy. Nie-uitvoerende direkteure woon direksievergaderings by om beleidsbesluite te neem oor hoe die maatskappy georganiseer en bedryf moet word. |

**3**

2. **Waarom het die direkteure besluit om die grafieke van die verdienste per aandeel en totale inkomste boaan die bladsy te plaas? Verduidelik kortliks wat hierdie grafieke toon omtrent die maatskappy vir die afgelope vyf jaar.**

*Verwagte antwoord: Korrekte antwoord = 2 punte; deels korrek = 1; foutief = 0*

Hierdie twee grafieke gee die algemene vooruitgang van die maatskappy weer. Dit weerspieël die Verdienste Per Aandeel (wat 'n belangrike aanwyser is van die winste wat aandeelhouers toeval) en Inkomste (inkomste, insluitend verkope), wat alle bedrywighede en resultate van die maatskappy beïnvloed.

**2**

3. **Verwys na die direkteure se kommentaar, in die besonder die Oorsig en die Finansiële resultate. Wat sê die direkteure oor die veranderende gewoontes van hulle klante, en hoe het die direkteure op hierdie veranderings gereageer?**

*Verwagte antwoord: Uitstekende antwoord = 2 punte; goed/bevredigend = 1; foutief = 0*

Die getal klante het gestyg, maar die getal besoeke het met 10% afgeneem. Die direksie het nog 146 restaurante oopgemaak (en hulle teiken van 2 000 bereik) en 'n nuwe onderneming, Creative Coffees, oopgemaak (hierdie onderneming spesialiseer in diensverskaffing aan 'n potensiële groep klante wat hospitale besoek). Hulle doen ook meningsopnames onder klante om seker te maak dat hulle terugvoering kry oor die gehalte van hulle diens.

**Verduidelik kortliks die belangrikste uitdagings waarvoor die maatskappy in die afgelope finansiële jaar te staan gekom het.**

*Verwagte antwoord: Korrekte antwoord = 1 punt; foutief = 0*

Nuwe tendense; aggressiewe prysbesnoeiing en bemarking/promosies deur mededingers om hulle markaandeel te vergroot; veranderings in die grootte van porsies wat bedien word; spyskaartveranderings.

**Die Bedryfsoorsig noem dat die maatskappy op die volgende drie gebiede bedrywig was: Franchises, Vervaardiging en Logistiek. Verduidelik wat met elk van hierdie aktiwiteite bedoel word, met spesifieke verwysing na die werk wat die maatskappy doen.**

*Uitstekende antwoord = 2 punte; goed/bevredigend = 1; foutief = 0*

| | |
|---|---|
| **Franchises** | Famous Brands Beperk gaan kontrakte aan met individuele entrepreneurs wat die voorwaardes en hoë standaarde aanvaar wat van die handelsmerk verwag word. Hierdie persone bedryf die restaurant en betaal franchise-fooie aan die maatskappy. |
| **Vervaardiging** | Famous Brands Bpk. vervaardig sommige van die produkte wat hulle aan die restaurante verskaf. |
| **Logistiek** | Logistiek handel oor die berging en aflewering van die produkte wat die restaurante benodig. |

**Die maatskappy is nie net in Suid-Afrika bedrywig nie. Verskaf bewys uit die inligting om hierdie stelling te bewys.**

*Verwagte antwoord: Korrekte antwoord = 1 punt; foutief = 0*

Die Bedryfsoorsig maak melding van internasionale franchises. Die Inkomstestaat toon buitelandse valutatransaksieverskille en Nota 4 toon verliese van buitelandse valuta.

**6**

4. **Vind die volgende syfers in die finansiële state. Noem ook waar jy elke bedrag gekry het, d.w.s. in die Inkomstestaat (IS), Balansstaat (BS) of Kontantvloeistaat (KVS):**

*Alle bewerkings korrek = 4 punte; een tot twee foute = 3; halfpad korrek = 2; swak = 1; foutief = 0*

| | Waar gevind IS, BS of KVS | Bedrag in rand |
|---|---|---|
| **Bruto wins** | IS | 922 967 000 |
| **Bedryfswins** | IS | 412 656 000 |
| **Netto wins voor belasting** | IS | 402 004 000 |
| **Belastinguitgawe** | IS | 133 950 000 |
| **Belasting betaal** | KVS | 131 719 000 |
| **Bedrag aan SAID verskuldig teen jaareinde** | BS | 12 716 000 |
| **Dividende betaal** | KVS | 159 165 000 |
| **Uitbreiding van vaste bates** | KVS | 45 793 000 |
| **Vervanging van vaste bates** | KVS | 9 776 000 |
| **Vaste bates teen jaareinde** | BS | 155 739 000 |
| **Terugbetaling van lenings** | KVS | 65 634 000 |
| **Lopende gedeelte van lenings** | BS | 69 936 000 |
| **Langtermyngedeelte van lenings** | BS | 52 216 000 |
| **Voorraad voorhande** | BS | 119 987 000 |

**4**

5. **Verwys na bladsy 1 van die bronnemateriaal vir die uitgeligte aanwysers. Verskaf die bewerkings vir die volgende berekenings:**

*Alle bewerkings korrek = 4 punte; een tot twee foute = 3; halfpad korrek = 2; swak = 1; foutief = 0*

**% styging in inkomste:**

$$\frac{277\ 579}{1\ 878\ 036} \times \frac{100}{1} = 14{,}8\%$$

**% styging in bedryfswins:**

$$\frac{54\ 203}{358\ 453} \times \frac{100}{1} = 15{,}1\%$$

**% styging in kernverdienste per aandeel (gebruik basiese KVPA):**

$$\frac{36}{242} \times \frac{100}{1} = 14{,}9\%$$

**% styging in dividende per aandeel:**

$$\frac{45}{155} \times \frac{100}{1} = 29{,}0\%$$

**4**

6. **Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2012. Verwys na die einde van die Inkomstestaat vir die getal aandele.**

*Alle bewerkings korrek = 4 punte; een tot twee foute = 3; halfpad korrek = 2; swak = 1; foutief = 0*

| | Bewerkings | Antwoord |
|---|---|---|
| **Bedryfsverhouding** | 361 865 000 : 274 175 000 | 1,3 : 1 |
| **Vuurproefverhouding** | 241 878 000 : 274 175 000 | 0,9 : 1 |
| **Kernverdienste per aandeel** (gebruik geweegde gemiddelde getal aandele) | R267 438 000 / 96 102 435 aandele X 100/1 | 278 sent |
| **% opbrengs op gemiddelde ekwiteit** | R268 054 000 / R774 482 000 X 100/1 | 34,5% |
| **Netto batewaarde per aandeel** (gebruik getal uitgereikte aandele) | R840 370 000 / 96 192 435 aandele X 100/1 | 873 sent |
| **Skuld-ekwiteit-verhouding** | 106 624 000 : 840 370 000 | 0.1 : 1 |
| **% opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend** | R402 004 000 + R 10652 000 / ½ (R946 994 000 + R885 626 000) X 100/1 | 45,0% |

**4**

7. **Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om jou mening te staaf.**

*Verwagte antwoord: Uitstekende antwoord = 3 punte; goed = 2; swak = 1; foutief = 0*

Die bedryfsverhouding het die afgelope twee jaar ongeveer dieselfde gebly teen 1,3 : 1 en 1,4 : 1. Die vuurproefverhouding het effens verminder van 1,1 : 1 tot 0,9: 1.

Hoewel die bedryfsverhouding nogal laag is, is dit geskik vir hierdie tipe onderneming – die maatskappy het klaarblyklik die afgelope jare effektief gefunksioneer met hierdie verhoudings, voorraad moet op lae vlakke gehou word vanweë die aard van die voedselbedryf, en verkope aan klante is gewoonlik kontant of per kredietkaart.

**3**

8. **Lewer kommentaar daaroor of die maatskappy geneig is om sy winste te behou of uit te keer. Verskaf bewys om jou mening te staaf. Verduidelik kortliks hoe dit die aandeleprys op die JSB kan beïnvloed.**

*Verwagte antwoord: Uitstekende antwoord = 3 punte; goed = 2; swak = 1; foutief = 0*

Die dividende-uitbetalingskoers vir 2012 was 200/278 = 72%

Die dividende-uitbetalingskoers vir 2011 was 155/242 = 64%

Die maatskappy keer klaarblyklik die meeste van sy verdienste aan die aandeelhouers uit. Die gewilligheid om dividende uit te keer kan die aandeleprys op die JSB laat styg, omdat dit die aandele aantrekliker sal maak vir aandeelhouers wat onmiddellike opbrengste wil hê. Indien aandeelhouers egter kapitaalgroei in die waarde van die aandele wil hê, kan dit die prys afdruk, aangesien dit die behoue inkomste beïnvloed, wat die netto batewaarde beïnvloed.

**3**

9. **Lewer kommentaar op die hefboomfinansiering van die maatskappy. Behoort die maatskappy lenings terug te betaal of nog lenings uit te neem? Verskaf bewys om jou mening te staaf.**

*Verwagte antwoord: Uitstekende antwoord = 3 punte; goed = 2; swak = 1; foutief = 0*

Die skuld-ekwiteitverhouding het verminder van 0,2 : 1 tot 0,1 : 1, wat daarop dui dat die hefboomfinansiering en mate van finansiële risiko afgeneem het. Die persentasie opbrengs op die totale kapitaal aangewend is egter baie hoog, teen 45%, wat daarop dui dat die maatskappy baie doeltreffend is, terwyl rentekoerse baie laer is (tans ongeveer 10–12%); dus kan lenings produktief gebruik word om die opbrengs selfs verder te verhoog.

| |
|---|
| |
| **3** |

10. **In Februarie 2012 was die aandeleprys van die maatskappy op die JSB R53,00. Die prys het in Februarie 2013 tot R79,00 gestyg. Lewer kommentaar daaroor of jy dink dat die maatskappy se aandele billik gewaardeer word of nie. Verskaf bewys om jou mening te staaf.**

*Verwagte antwoord: Uitstekende antwoord = 3 punte; goed = 2; swak = 1; foutief = 0*

Die netto batewaarde is slegs R8,73, terwyl die aandeleprys op daardie tydstip R53,00 was. Dit toon dat daar ‘n aansienlike aanvraag onder die publiek vir aandele in die maatskappy is – die maatskappy se prestasierekord toon klaarblyklik dat belegging in die maatskappy se aandele volhoubaar en winsgewend is.

Die bates kan moontlik ook onderwaardeer wees (moontlik as gevolg van die toepassing van konserwatiewe rekeningkundige beginsels), wat die netto batewaarde kon afgebring het.

| |
|---|
| |
| **3** |

11. **Behoort die aandeelhouers tevrede te wees met die persentasie opbrengs, verdienste en dividende vir die 2012 finansiële jaar? Verduidelik. Verskaf bewys om jou mening te staaf.**

*Verwagte antwoord: Uitstekende antwoord = 4 punte; goed = 3 of 2; swak = 1; foutief = 0*

Die persentasie opbrengs het gestyg van 33,9% tot 34,5% en dit is ‘n beduidende oorskryding van die opbrengs op alternatiewe beleggings.

Die VPA het gestyg van 242 sent tot 278 sent.

Die DPA het gestyg van 155 sent tot 200 sent.

Maar in die geval van nuwe aandeelhouers, indien hulle aandele teen R79,00 elk moet koop, sal ‘n verdienste van R2,00 VPA gelyk wees aan slegs 5% van die aandeleprys in 2012, en slegs 3,5% van die aandeleprys in 2013. Dit sal interessant wees om die 2013 netto batewaarde met die aandeleprys in Februarie 2013 te vergelyk, wanneer die finansiële state vir 2013 gepubliseer word.

| |
|---|
| |
| **4** |

12. **Wat sê die direksie oor die vooruitsigte vir die toekoms? Sou dit jou beïnvloed om aandele in Famous Brands Beperk te koop?**

*Verwagte antwoord: Uitstekende antwoord = 3 punte; goed = 2; swak = 1; foutief = 0*

Die direksie wys die uitdagings uit, naamlik of klante voldoende besteebare inkomste sal hê om op luukshede soos ‘uiteet’ te bestee nadat al die huishoudelike uitgawes betaal is, wat beduidend gestyg het, naamlik elektrisiteit, brandstof en voedsel. Die direksie verduidelik ook die strategieë wat hulle gaan gebruik om nuwe geleenthede te vind, koste te besnoei en nuwe markte te vind. Dit skep ‘n gunstige indruk by toekomstige beleggers. Die leerder moet ‘n mening uitspreek oor dit hom/haar gaan beïnvloed.

| |
|---|
| |
| **3** |

**TOTAAL: 50 punte**

**NOTA VIR ONDERWYSERS:** Hierdie taak het betrekking op graad 12-leerders vanaf 2014 (d.w.s. op KABV). U mag besluit om die punte vir spesifieke items te vermeerder en die gevallestudie uit 75 of 100 punte te laat tel, mits die finale gewigstoedeling in ooreenstemming met die KABV is (verwerk tot 10 punte).

# REKENINGKUNDE GRAAD 12: TAAK D

## DERDE KWARTAAL ASSESSERINGSTAAK

## GEVALLESTUDIE: KONTANTBEGROTING EN DEBITEURE

## NASIENRIGLYN

1. **Wat sou jy vir Bennie sê aangaande die foute wat hy beweer sy vrou gemaak het met betrekking tot die waardevermindering en die bydrae van 'n nuwe afleweringsvoertuig?**

   Dit is nie foute nie. Beide is niekontantitems wat nie die banksaldo's affekteer nie; dus moet dit nie in 'n Kontantbegroting voorkom nie. ✓✓

   **2**

2. **Debiteure-invorderingskedule vir Desember 2012 en Januarie 2013** ✓✓✓✓

   *Alle bedrae korrek = 4 punte; meeste korrek = 3; sommige korrek = 2; min korrek =1; geen korrek = 0*

| MAAND | KREDIET-VERKOPE | DESEMBER 2012 | JANUARIE 2013 |
|---|---|---|---|
| Oktober | 241 200 | 84 420 | |
| November | 290 880 | 145 440 | 101 808 |
| Desember | 320 400 | 30 438 | 160 200 |
| Januarie | 223 200 | | 21 204 |
| **Kontant van debiteure** | | 260 298 | 283 212 |

   **4**

3. **Persentasie styging in die begrote salarisse en lone in Januarie 2013:**

   $\frac{4\ 080}{68\ 000} \times \frac{100}{1}$ = 6% ✓☑ enige een deel korrek, d.i. 4080 of 68 000

   **Persentasie afname in die bedrag wat vir kommissie-inkomste begroot is in Januarie 2013:**

   $\frac{3\ 600}{24\ 000} \times \frac{100}{1}$ = 15% ✓☑ enige een deel korrek, d.i. 3 600 of 24 000

   **4**

4.

| |
|---|
| **Totale finansieringskoste aangegaan met die aankoop van die voertuig:** |
| (9 000 x 12) |
| 46 000 + 216 000 – 196 000 = R66 000 ✓☑ enige een deel korrek |

**2**

5.

**Uitwerking op die begroting:**

Koste van herstelwerk = 37 500 – (75% x 8 000) = 31 500 ✓☑ enige een deel korrek

**TWEE punte wat Mtini vir Bennie gaan noem**

Enige twee geldige punte, bv.

- Dit was onverantwoordelik aangesien die versekeringsvoorwaardes verbreek is.✓✓
- Die herstelwerk moet teen onttrekkings gedebiteer word, aangesien dit 'n persoonlike uitgawe is. ✓✓

**4**

6.

**Berekening van huurinkomste vir Desember 2012:**

15 950 x 100/110 = R14 500 ✓☑ enige een deel korrek

**Geskikte verduideliking**

Enige geldige verklaring, bv. ✓

- Die huurder het die huur vir Februarie vooruit betaal.
- Bykomende ongebruikte eiendom is op dieselfde tyd verhuur.

**3**

7.

**Bereken die begrote bedrag wat in Januarie 2013 aan krediteure betaal moet word.**

Desember totale verkope = 801 000

Koste van verkope: 801 000 x 100/180 = 445 000

Kredietaankope: 222 500

Betaal in Januarie = 222 500 – 22 250 = R200 250 ✓☑

**Mtini is van mening dat die onderneming geen goedere kontant hoef te koop nie, en dat alle goedere op krediet gekoop behoort te word. Sal dit na jou mening die onderneming se Kontantbegroting verbeter? Verduidelik.**

Ja. Dit sal beteken dat die R222 500 wat in Desember vir kontantverkope betaal moet word, dan in Januarie betaal sal word, wat die kontantsaldo aan die einde van Desember met hierdie bedrag sal verhoog. Wanneer die bedrag in Januarie betaal moet word, sal hulle ook 'n korting van R22 250 ontvang. Daar is ook 'n soortgelyke uitwerking in die volgende maand. ✓✓

**4**

10. **Berekening van die gemiddelde debiteure-invorderingstydperk (in dae):**

$$\frac{530\,000 \checkmark}{\frac{1}{2}(535\,225 + 764\,775)} \times \frac{365}{} = 80 \text{ dae} ☑$$

2 400 000 ✓

**3**

**Die persentasie debiteure wat aan die kredietvoorwaardes voldoen (soos in die Debiteure-ouderdomsontleding getoon):**

(R156 725 + R234 250) ÷ R764 775 x 100 = 51,1% ✓✓

**2**

**Kort kommentaar oor die twee berekeninge hierbo:**

Dit is onaanvaarbaar dat die debiteure so lank neem om te betaal en dat slegs die helfte van hulle aan die kredietvoorwaardes voldoen. ✓

**1**

**Besonderhede van die belangrikste foute wat die onderneming begaan rakende debiteure. Verskaf ook die name van spesifieke debiteure om hierdie belangrikste probleme te illustreer en stel 'n oplossing voor vir elke fout.**

| FOUTE ✓✓ | WANBETALENDE DEBITEURE ✓✓ | OPLOSSING ✓✓ |
|---|---|---|
| Oorskry die kredietlimiet | Minaj, Britney, Hannah | Staak verskaffing aan hierdie debiteure; verlaag hulle kredietlimiete; bied aansporings vir kontantaankope. |
| Neem langer as die krediettermyn | Britney, Jemson, Drake, Wayne | Hef rente op agterstallige rekeninge; kortings om vroeë vereffening van rekeninge aan te moedig. |

**6**

11. **Beskou die werklike en begrote bedrae vir Reklame, Telefoon en Versekering. (Let daarop dat Mtini nog nie enige fondse onttrek het nie.) Lewer kommentaar oor elke item, en bied EEN punt van advies in elke geval aan.**

| | **Kommentaar ✓✓✓** | **Advies ✓✓✓** |
|---|---|---|
| **Reklame** | Die uitgawe is dieselfde bedrag as waarvoor begroot is. Dit lyk of dit goed beplan is. As daar egter na die maandelikse verkope gekyk word, toon dit dat die reklame nie effektief is nie. | Hulle moet dit oorweeg om meer vir reklame te begroot. Dit kan strategies aan verkope gekoppel word. Die onderneming moet na tendense/kodes kyk wat in verskillende seisoene gespeel word en dienooreenkomstig begroot. |
| **Telefoon** | Konstante oorbesteding/te min begroot | Ekstra kontrole nodig. Stel ondersoek in of dit nodig is om die bedrag te verhoog (om debiteure te skakel ens.) en of die telefoon misbruik word. |
| **Versekering** | Dit is elke maand R6 000 onder die begroting | Hulle moet daaraan dink of hulle nog steeds voldoende dekking geniet en of hulle werklik 'n beter koers onderhandel het. Dit kan dalk valse ekonomie wees indien die versekeringsmaatskappy nie geldige eise gaan uitbetaal nie. |

**6**

12. **Bennie het twee belangrike besluite geneem deur 'n nuwe lening aan te gaan en 'n vennoot by die onderneming in te neem. Wat sou jy vir Bennie oor hierdie besluite sê en die uitwerking daarvan op die kontantvloei van die onderneming?**

✓✓✓ Enige geldige antwoord Uitstekende antwoord = 3 punte; goed = 2; bevredigend/swak = 1; foutief = 0

Verwagte antwoord:

Hoewel Bennie hierdie strategieë gebruik het om sy groot oortrokke rekening in 'n positiewe saldo te omskep, moes hy eerder na die werklike redes vir die tekortkominge gekyk het, bv. kredietverkope maak nou 52% (2,4m/4,6m) van die totale verkope uit en debiteure word nie goed gekontroleer nie. Hy moet nou ekstra rente betaal, selfs al is die rentekoers gunstiger, aangesien die nuwe lening wat hy aangegaan het, groter is as die een wat gekanselleer is. Hy moet ook nou die wins met 'n vennoot deel – wanneer laasgenoemde onttrekkings begin maak, sal die kontantsituasie versleg.

**3**

**50**

